# Hebreërs

## Leer Jesus Nuut Ken




Louis Nel

# Hebreërs

## Leer Jesus Nuut Ken

### 'n Reeks Oordenkinge oor die boek Hebreërs

Louis Nel

November 2025

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

0 Voorwoord
1 Pyne van Vernuwing
2 Geloofsbelydenis
3 Jesus - Koning – God!
4 Die Reddingsboei
5 Stories en Lewensverhale
6 Jesus teenoor Moses
7 Ongelowige Gelowiges
8 Woestyntye
9 Om te Rus
10 Vark in die Nag
11 Hoëpriester
12 Kos Gee Groei
13 Die Oorvloedige Bos
14 Is daar nog Hoop?
15 Melgisedek

16 Skadubeelde

17 Waardelose Rituele

18 Die Testament

19 Selfkastyding

20 Skadu's teen ‘n Grotwand

21 Wat Beteken Kerkwees?

22 Eenmaal ‘n Christen, altyd ‘n Christen?

23 Jubel in jou Swaarkry!

24 Wat Is Geloof?

25 Wedloop van die Lewe

26 Die Here tug dié wat Hy liefhet

27 Wanneer God Praat

28 Familie

29 Lewensvoorbeeld

30 Die Nagmaal

31 Bid vir die Leraar

32 Seënbede

# Voorwoord

Vernuwing is dikwels 'n pynlike proses, want dit gaan gewoonlik gepaard met nuwe dinge wat ons onseker maak. Dit beteken soms dat ek moet afstand doen van dinge wat vir my oor die jare kosbaar geword het, of waaraan ek só gewoond geraak het dat ek dit nie wil laat gaan nie.

Maar vernuwing kan terselfdertyd baie opwindend wees. Daar is nuwe horisonne om te verken. Daar is splinternuwe dinge wat op my wag, en ek raak baie opgewonde daaroor.

In ons geloofslewe gaan dit presies dieselfde. Daar is soms dinge wat uitgedien geraak het, en wat moet vernuwe. Dikwels het ons só geheg geraak aan die ou dinge, dat dit pynlik is om te verander en nuut te word. Kerklike tradisies is een so 'n voorbeeld. Ons sien nie sommer maklik af van ou uitgediende tradisies nie. En ons klou krampagtig vas aan ou liedere wat ons dikwels net sing omdat dit 'n nostalgie in ons wakker maak van goeie tye uit die verlede.

Die woorde gaan baiekeer by ons verby sonder dat ons meer dink wat ons sing.

Vernuwing op die geloofsterrein kan egter ook baie opwindend wees, en dit gee nuwe lewe en groei in ons geloof. En dit is nie nodig om die ou dinge te vergeet nie. Dit kan heilsaam wees om terug te dink aan waarvandaan ons gekom het. Dan kan ons die Here dank vir Sy groot genade om ons deur die jare te dra.

Louis Nel

1

# Pyne van Vernuwing

## Hebreërs Inleiding

**VIDEO | LUISTER**

Vir baie jare het ons in ‘n groot huis gebly. En toe kom die dag dat ons die huis moes verkoop en in ‘n eenslaapkamer woonstelletjie intrek. In ‘n sekere sin was hierdie ‘n nagmerrie-ervaring, want in die ruim huis met sy vier motorhuise was daar hope spasie om dinge op te gaar - dinge uit ons verre verlede. Ja, nie net my en Mosbolletjie se dinge nie, maar ook ons ouers se ougoed, en selfs Oupagrootjie se goed. Daar was kaste en kaste vol onthoudinge uit toeka se jare - baie daarvan sommer net gemors wat nooit óóit weer gebruik sou kon word nie.

Ek en Mosbolletjie moes ‘n besluit neem oor wat om te hou en wat om te verkoop, weg te gooi of weg te gee. Die spasie waarheen ons sou trek was bitter klein, dus kon net die héél

noodsaaklikste goed saamgaan. Glo my: dit was ‘n treurmare!

“Hierdie móét ons hou, Liefie!”

“En waar gaan jy hom nogal sit? Boonop is hy dan al gekraak!”

“Maar dis ‘n onthou-ding - ek sal plek maak vir hom!”

Berge goed is weggegee - die kinderhuis was in die wolke! In die Nelle se huis was daar ernstige huismoles! Totdat ek en Mosbolletjie begin agterkom het hoe bevrydend dit was om van die spul ou bagasie ontslae te wees!

Dit is nie net wanneer jy trek dat jy besluite moet neem oor ou oorbodige bagasie uit die verlede nie. Dikwels moet jy net gaan sit en herbesin of jy ooit tred gehou het met die tyd. 1994 Was so ‘n keerpunt in Suid-Afrika en vir baie mense was dit uiters traumaties! 1994 het ons gedwing om anders - núút te dink, want niks sou hierna meer dieselfde wees nie. Die vraag was: “Watter van my ou waardes moet ek saamneem?” Meeste van

ons moes ál ons ou waardes agterlaat en nuut begin. Vir baie mense was hierdie vernuwing egter ‘n reuse bevryding.

In ons eie gemeente het daar al etlike male vernuwing gekom. Gemeenteleiers moes koppe bymekaarsit en vra: wat moet ons doen om ons gemeente lewendig te hou? In gebed moes ons die Heilige Gees vra om ons die regte pad te wys. Vir sommige mense was die vernuwing pynlik. Liedere het verander, en vir sommige lidmate het dit swaar op die oor geval, veral wanneer die ou gereformeerde liedere moes plek maak vir die meer moderne.

Die gevolg van die vernuwing was egter elke keer baie positief vir die gemeente!

Vandag is daar splinternuwe dinge wat ons angsbevange maak – KI (Kunsmatige Intelligensie) klink vir ons na wetenskapsfiksie! So byvoorbeeld kan ChatGPT uiters positief gebruik word in die kerk indien dit reg bestuur word! Sien dit as ‘n positiewe Godgegewe!

Die eerste lesers van die Hebreër-brief het ook geleef in ‘n snel-veranderende wêreld, en hulle moes aanpas. Hulle wou nog vashou aan die verlede, want soos almal mos weet, is die verlede die “goeie ou tyd”, en die hede die slegte tye. Maar is dit werklik? Uitgediende ou tradisies was deel van hulle lewens, en hulle wou aan hierdie wurggreep vasklou. Die skrywer wou egter vir hulle wys dat dit bevrydend is om aan te pas by die nuwe bewegings van God se Gees in hierdie veranderende wêreld. ‘n Mens kan jouself baie gou identifiseer met hierdie mense, as jy begin agterkom hoe moeilik dit vir hulle was om as gelowiges staande te bly te midde van al die chaos wat rondom hulle ontstaan het.

Baie kerkleiers wou met alle geweld terugkeer na die ou dinge - die gerieflike sekerhede van hoe dinge nog altyd was.

Hebreërs wil egter vir die lesers (ook vir jou en my) wys dat die verlede besig is om in nuwe en verrassende moontlikhede te ontwikkel. Neem jy hierdie brief ernstig op,

dan mag dit jou dalk net verander van ‘n knorrige, kermende klakous na ‘n idealistiese, hoopvolle en liefdevolle toekomsmens, omdat jy Jesus nuut leer ken.

Net enkele opmerkings oor die brief aan die Hebreërs, voordat ons hom aanpak: As ons die geskrif analiseer, kom ons agter dat dit eintlik gladnie ‘n brief is nie, maar eerder ‘n pastorale preek.

Die skrywer? ‘n Proffie het eendag vir sy studente gevra: “Wie het die Apostel Paulus se brief aan die Hebreërs geskryf?” Eintlik was dit ‘n baie flou grappie, want dit was nie Paulus nie. Die feit is dat ons net eenvoudig nie weet wie die skrywer was nie. En aan wie was dit gerig? Ook hieroor is niemand seker nie. Ons kan maar net raai dat dit moontlik gerig was aan gelowiges in Italië - moontlik Rome, iewers tussen 80- en 90nC. Ek nooi jou uit om hierdie “preek” saam met my te geniet!

Gebed:

Here, die ou dinge is verby - help my asseblief om die nuwe wat U my gee met vreugde te aanvaar!

# 2

# Geloofsbelydenis

## Hebreërs 1:1-4

## VIDEO | LUISTER

Die boek Hebreërs begin met 'n geloofsbelydenis oor Jesus. Wat glo ons van Jesus? Die skrywer wil hierdie punt opklaar en duidelik maak voordat hy verder gaan met sy skrywe, sodat ons sal weet van Wie hy skryf.

Gelowiges word dikwels verswelg deur ‘n wêreld van ongeloof - of so voel dit ten minste vir ons. “God is dood!” hoor ons dikwels! Of: “Hoe kan daar ‘n God wees as die wêreld in so ‘n gemors is?” en “Waar was God op 11 September, toe die grootste ramp in Amerika se geskiedenis plaasgevind het?” “Hoe kan ‘n God van liefde toelaat dat ‘n tsoenami Japan tref en derduisende mense dood? Dit het skokgolwe reg om die wêreld gestuur!” “Dink jy dat as daar werklik ’n God is, dat Hy die verwoestende oorlog in Gasa sou toelaat?” “Kyk maar hoe lyk dit vandag in

Suid Afrika en baie ander lande, waar die sonde hoogty vier! Is daar ooit ‘n God?”

As jy die dag met sulke neerhalende en gelooflose vrae en stellings gekonfronteer word, is die eerste paar verse van Hebreërs soos die lafenis van ‘n koel fontein in die versengende hitte van ‘n dor woestyn. Die Hebreërskrywer wil dan rég aan die begin van sy preek, met hierdie geloofsbelydenis vir ons sê dat ons met sékerheid kan glo in Jesus.

In Hebreërs se eerste verse lei die skrywer ons om te glo dat Jesus hierdie wêreld gemaak het. Hierdie is nie sommer maar net ‘n ligtelike bewering nie. Dink maar vir ‘n oomblik presies wat dit beteken. As die skrywer sê dat Jesus die wêreld gemaak het, sluit hy hiermee outomaties die heelal in. Boonop bevestig Johannes dit in die eerste verse van sy Evangelie. Vandag weet ons natuurlik dat die wêreld maar ‘n bitter klein spikkeltjie in die heelal is!

Maar kom ons vergeet vir ‘n oomblik van die onbeskryflike groot ruimte daar buite, en ons

kyk net na die dinge hier reg rondom ons. Ek sit vanoggend in my kantoor, besig om ‘n dagstukkie te skryf. Die Mangoboom voor my venster is vol in die blom en duisende bye en ander insekte kom deel in die fees. Dan sak die wewertjies toe, en dit kletter en kloek dat dit 'n aardigheid is! 'n Paar frette en mossies kom sit hier op die grond vlakvoor my en saadjies soek.

My hart slaan ampertjies bollemakiesie as ek die koddige Hoep-hoep met sy naald-dun snaweltjie gewaar waar hy soek vir krieke op die grasperk. Sy kleurvolle swart en oranje kuif staan windmakerig in die vroeë oggendsonnetjie. 'n Mikstert byevangertjie kom sit parmantig op 'n takkie en wonder watter by om eerste by te kom. Sy pikswart veredos blink in die strale van die son. ‘n Kleurvolle Papegaaiduif koer tussen die digte blare van die Mango en ‘n Kuifkop Houtkappertjie “tjirrrrrr” dat die biesies bewe!

Ek het hierdie wondere soveel maal al gesien, maar elke keer is dit ‘n onvergeetlike ervaring. Daardie kleure kan geen

kunstenaar namaak nie. Ek het al verskeie kere probeer om dit met my kamera vas te vang, maar elke keer is ek teleurgestel met die resultaat, want hoe kan jy óóit Jesus se skepping namaak?

Ten spyte van die feit dat die mensdom so hard probeer om Jesus se wonderlike skepping te verwoes, hou Hy dit steeds in stand. Hy is steeds in beheer! Dit neem natuurlik nie ons eie verantwoordelikheid weg om op te hou om Sy skepping op te mors nie! Inteendeel: dit plaas op ons ‘n groot verantwoordelikheid om juis die skepping te respekteer, en te koester, want dit is die handewerk van Jesus!

Die skrywer snak met verwondering na sy asem as hy beskryf hoe die heerlikheid van God uit Jesus straal. Die Hebreërskrywer se geloofsbelydenis word ‘n borrelende lofbetuiging aan Hom wat verhewe is bo alles en almal. “Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese,” jubel hy.

‘n Geloofsbelydenis kan net eenvoudig nie volledig wees as ons nie ook bely dat Jesus die Een is wat reiniging van sondes bewerkstellig het nie. Hier word dit dalk net in ‘n enkele sinnetjie gemeld, maar daar is veel meer aan hierdie gedagte. Ons reiniging van sondes het behels dat Jesus, die Almagtige Heerser en Skepper-God Homself moes verneder om as baba gebore te word in ‘n stinkende stal vol diere; dat Hy moes werk as ‘n timmerman en al die vernederings deurgaan waaraan ‘n kind in daardie jare onderwerp was; dat Hy uit Sy eie tuisdorp weggejaag is; dat Hy verskeie male uitgejou is; dat Hy vals beskuldig is; dat Hy gemartel is, en uiteindelik die vloekdood aan die gewraakte kruis moes sterf! So moes Hy betaal vir ons sondes, en só het Hy die reiniging van sondes bewerkstellig.

Maar nou sit Hy, volgens vers 3 “aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes.” Hy is verhewe, selfs bo al die engele.

Voor Jesus kan ons maar net neerval in aanbidding, as ons lees hoe heilig en hoog

verhewe Hy is. Ons durf nooit vergeet dat Hy nie maar net ‘n “speelmaatjie” is, of Iemand wat net daar is wanneer ons skielik in die moeilikheid is nie. Nee, Jesus is gróót bo alles, Sterke Verlosser, Magtige Heer en Heiland, Immanuel, God met ons, Reddende Here, Lewende Woord! Kom ons jubel dit vandag uit in ons lofbetuiging teenoor Hom, terwyl ons terselfdertyd weet dat Hy wat so hoog verhewe is, Homself neerbuig tot ons en Hom oor my en jou ontferm!

Gebed:

Jesus, ek loof U want U is gróót bo alles! U is die Sterke Verlosser, Magtige Heer en Heiland, Immanuel, God met ons, Reddende Here, Lewende Woord!

3

## Jesus - Koning - God!

## Hebreërs 1:1-14

## VIDEO | LUISTER

Is die Ou Testament vandag nog vir ons relevant? Moet jy dit nie maar oorslaan en liewer net die Nuwe Testament lees nie? Die Ou Testament is tog net vol grillerige verhale van doodslag, oorlog en lelike dinge - die Oue het tog verbygegaan! Of het dit werklik? Persoonlik put ek vandag nét soveel inspirasie uit die Ou- as die Nuwe Testament.

Dis tóg interessant hoe die Hebreërskrywer dan ook die Ou Testament gebruik. Hy het van die standpunt uitgegaan dat die verse uit die Ou Testament twee betekenisse het - 'n letterlike betekenis vir die tyd waarin dit geskryf is asook 'n dieper geestelike betekenis met 'n toepassing op Jesus. So byvoorbeeld is Psalm 110 oorspronklik 'n troonpsalm wat gesing is wanneer 'n nuwe koning die troon bestyg. Die Hebreërskrywer maak dit egter van toepassing op Jesus se

koningskap. Ander skrywers doen dit ook - Matteus, Markus, Lukas en Handelinge haal almal Psalm 110:1 aan om Jesus se koningskap en uniekheid te bevestig.

Vers 5 tot 14 van Hebreërs 1 is ‘n pragtige gedig, saamgestel uit aanhalings uit die Ou Testament - meestal uit die Psalms. Op die oog af lyk dit na ‘n spul aanhalings wat maar net ingeryg is, maar as jy mooi gaan kyk daarna, dan sien jy dat dit ‘n bepaalde volgorde het en ‘n bepaalde boodskap wil uitdra. Saam vorm hulle die verhaal van Jesus, en veral hoe Hy deur engele vereer is. Inderdaad was Hy nie maar net ‘n gewone baba nie, maar die Koning van alle konings - ‘n Koning wat nie maar net deur mense vereer word nie, maar selfs die engele val in aanbidding voor Hom neer! Dink maar byvoorbeeld aan die magtige engelekoor wat gesing het vanuit die hemel by die Koning se geboorte, en hoe die skaapwagters in verwondering hierdie skouspel ervaar het!

In hierdie samestelling sien ons die verganklikheid van alles - so verganklik soos

ou stukke klere. In skrille teenstelling hiermee is Jesus ewig! Selfs al het Hy gesterf aan die kruis, en is Hy begrawe - Hy hét weer opgestaan uit die dood en na die hemel opgevaar! Vandag sit Hy op die troon en heers. Ons - ek en jy is Sy gesante en dienaars! Watter wonderlike voorreg is dit nie!

Enkele gedagtes wat uit hierdie pragtige gedig na vore kom, is:

Vers 5: Jesus is die Seun van God. Aanhalings kom uit onder meer Psalm 2:7.

Verse 6 en 7: Die engele aanbid Hom. Sal die engele enigiemand anders as God Sélf aanbid? Jesus is dus inderdaad God!

Vers 8: Sy heerskappy is vir ewig en Hy laat reg geskied.

Vers 9: Hy het geregtigheid lief en haat wetteloosheid.

Vers 9: Hy is gesalf met olie van vreugde.

Vers 10: Hy is Skepper van die heelal.

Vers 11: Hy is ewig en onverganklik.

Vers 12: Hy is onveranderlik.

Vers 13: Aan géén ander wese – selfs engele kan die eienskappe hier bo toegedig word nie - Ps 110:1.

Vers 14: Almal is ondergeskik aan Hom en dien Hom.

Hoe raak die eerste hoofstuk van Hebreërs vandag vir my en jou as gelowiges? Soos ons reeds gesien het in die vorige dagstukkie, is dit ‘n geloofsbelydenis. Met reg kan ons dalk vandag bekommerd wees oor die dinge wat rondom ons gebeur. Sonde is besig om die wêreld te verswelg – of so wil dit vir ons lyk. Dit wil voorkom asof daar al hoe minder en minder gelowiges oorbly. Kyk maar hoe bars die dobbelhuise uit hulle nate uit - nie dat dobbel uitgesonder moet word as ‘n “groot” sonde nie, maar dit is ‘n “meetinstrument” wat die mate van verval van die mensdom aandui. Kyk maar hoe floreer die bordele. Kyk maar hoe word jou sosiale media oorstroom met gemorspos en alles wat vuil en lelik is. Bedrog en korrupsie is aan die orde van die dag, tot in die heel

hoogste gestoeltes van ons land. Roof, kapings, moord, verkragting, geweld en uitbuitery is ‘n alledaagse - dikwels steur ons ons nie eers meer daaraan nie. En dan is daar die vernietiging van ons atmosfeer en grond en waterbronne deur besoedeling. Klimaatsverandering dreig om ons planeet te vernietig. ‘n Bitter donker prentjie?

Ons kan maar net, soos die engele wat hier beskryf word, voor Jesus neerbuig in aanbidding, want selfs deur al hierdie dinge sien ons Hom as heerser oor alles. Hy het immers alles gemaak, en Hy is steeds in beheer. Ons moenie kortsigtig wees en ons blindstaar teen die probleme van die hier en nou nie. Ons moet verby dit alles kyk en die ewigheid raaksien, waar die ongeregtighede alles uitgewis sal wees - waar selfs ons eie sondige, armsalige bestaan sal verander in ‘n heerlikheidslewe saam met Jesus, die Heerser oor alles. Oor die onbeskryflike mooi van die ewigheid kan ons dalk nou maar net droom, maar dit is ‘n werklikheid wat vir elke gelowige wag.

Gebed:

Wonderbare Koning, dankie dat U ook Here van my lewe is. Dankie dat ek deel het in U ryke erfenis!

# 4

# Die Reddingsboei

## Hebreërs 2:1-4

**VIDEO | LUISTER**

Stel jouself voor - jy is op ‘n salige vakansie by die Victoria waterval. Alles is só idillies en jy het nie ‘n bekommernis in die wêreld nie! Iemand nooi jou uit vir ‘n bootrit op die magtige Zambesi. Jy bruis behóórlik van opgewondenheid, want die rit neem jou op ‘n opwindende vaart bokant die waterval tot byna op die randjie van die afgrond. Die skipper verseker jou dat absoluut niks verkeerd kan loop nie. Dan skerts hy al laggende dat sy boot nog nooit oor die rand van die waterval gedryf nie!

Die kragtige enjins van die boot brul as hy die groot rivier aandurf. Nader en nader kom hy aan die waterval, en jy hoor die magtige donder van waar miljoene liters water oor die afgrond tuimel in ‘n digte rookwolk van waterdamp. Jy word met groot ontsag vervul deur hierdie onbeskryflike natuurwonder. Jy

leun behaaglik op die tou-reëling van die boot en vergaap jou aan die asemrowende gesig hier voor jou.

Skielik gee die tou mee - jy word yskoud as jy voel hoe alles onder jou inmekaar tuimel. Jy verloor jou balans - gryp na iets - daar is niks! Hulpeloos stort jy na benede. ‘n Ysige skok tref jou as jy in die onstuimige water beland. “Help!” wil jy nog skree, maar die koue water ontneem jou van jou stem. Magteloos reik jy na die boot, maar dit is ‘n vrugtelose poging. Met angs moet jy toekyk hoe jy al verder van die boot af wegdryf, ten spyte van jou verbete pogings om te probeer swem. ‘n Gladde klip kom verby - jy gryp daarna, maar dit glip deur jou vingers. Jy voel hoe die donderende waterval jou nader suig. ‘n Takkie doem op uit die niet - dit verkrummel as jy waansinnig met altwee hande daarna gryp. “Dis verby……. verby met my!” snik jy histeries terwyl die waterval grynslaggend nader kruip.

Met ‘n swaar slag land daar skielik iets in die water langs jou. ‘n Reddingsboei! Dankbaar

gryp jy dit vas en klou verbete terwyl jy ingekatrol word na die veiligheid van die boot. Trane van dankbaarheid stroom oor jou wange - jy is gered van ‘n gewisse riller-dood. “Dankie, dankie, dankie!” hou jy aan prewel, terwyl jy aan die reddingsboei klou, en die kragtige enjins van die boot hier by jou hoor dreun.

‘n Rillerstorie? Miskien, maar soveel mense beleef hierdie situasie in hulle geestelike lewe. Etlike lesers van hierdie dagstukkie vandag, is drenkelinge in ‘n klaarblyklik-hopelose situasie, waar dit vir hulle voel asof hulle ingesuig word deur ‘n donderende waterval van verlorenheid - dalk is jy een van hulle! Elke halmpie word na gegryp - enige ding wat dalk kan red, maar dit is hopeloos, en ‘n grusame einde grynslag vir hulle…...

Maar ……. daar is ‘n reddingsboei - Hebreërs 2:1! “*Daarom moet ons soveel te meer aandag gee aan dit wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdryf nie.*” Waarna gryp ek? Hoe lyk hierdie reddingsgordel? As jy in die moeilikheid is, gryp jy na enigiets wat

verbykom. Baie mense gryp na die wettisisme van die Ou Testament: Ek móét kerk toe gaan; Ek móét Bybel lees; Ek móét bid; Ek móét my tiende vir die kerk gee; Ek móét die tien gebooie onderhou tot in die fynste detail; Ek móét iets gee vir bedelaars - alles baie mooi en edele dinge. Maar dit is soos gladde klippe en bros takkies waarna jy vergeefs gryp! Hulle glip deur jou vingers of verkrummel bloot wanneer jy daarna gryp.

Die probleem is dat hierdie ‘n grashalmpie-godsdiens is, want met die beste bedoelings in die wêreld kan jy nie eers naastenby God se wil uitleef nie. Elke oortreding en elke ongehoorsaamheid móét regmatig deur God gestraf word! Die kwelvraag is dan: wat is die antwoord? Is daar ooit enige redding? Alles lyk so hopeloos en verlore!

Die antwoord lê opgesluit in die Woord van God. Juwele uit die Woord is soos reddingsboeie - woorde soos wat byvoorbeeld opgeteken is in Joh. 3:16. Gryp daarna en hou dit vas! Wanneer iemand Jesus se geskenk van saligheid aanvaar, dan

gebeur daar skielik dinge: Lewens word verander, en waar daar wanhoop was is daar skielik hoop. Nou is dit nie meer jy wat jouself probeer red met takkies en gladde klippe nie, maar Jesus wat jou red. Al wat jy moet doen is om Sy reddingsboei vas te gryp - Hy doen die res.

Nou word die lysie van “Móét -doen dinge” hier bo “Wíl-doen dinge!” Skielik is dit lekker om kerk-toe te gaan en Bybel te lees en te bid. Nou doen ek die dinge nie meer uit pligsbesef nie, maar omdat ek wíl! Skielik gee ek nie meer my tiende omdat ek móét nie, maar omdat dit deel van my liefdeslewe saam met Jesus geword het. Weldra kom ek agter dat ek nie meer die drenkeling in die verhaal is nie, maar dat ek deel geword het van die span mense wat op die boot staan en reddingsboeie vir ander drenkelinge gooi!

My dringende vraag aan jou vandag is: Waar staan jy op hierdie oomblik? Is jy nog ‘n drenkeling wat magteloos na strooihalmpies gryp, of deel jy al sélf reddingsboeie uit?

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag met dankbaarheid kan getuig dat U ook vir my ‘n reddingsboei gegee het en my gered het van ‘n gewisse dood. Help my om met vrymoedigheid reddingsboeie aan ander uit te gooi!

# 5

## Stories en Lewensverhale

## Hebreërs 2:5-18

## VIDEO | LUISTER

Oopmond sit ek en luister, plat op die grond, en ek drink elke woord in van die drie ou manne wat so heerlik sit en gesels oor die "ou dae". Oupa is daar en Ouma se twee broers, Oom Pieter en Oom Abe. Die drie het saam opgegroei in Machadodorp en was saam in die konsentrasiekamp. Saam-saam het hulle baie kattekwaad aangevang, en saam-saam het hulle die bitter swaar van die lewe deurgemaak. Later het al drie treindrywers geword in Waterval Boven. Hulle is nou al drie afgetree, en ek 'n klein seuntjie wat net eenvoudig nie genoeg kan kry van hulle stories nie!

"Onthou jy nog", vertel Oupa, "toe die Engelsman saam met ons wou gaan turksvye pluk?"

“Ja”, lag Oom Abe terwyl sy ronde maag so op en af skud van pure lekkerkry, “hy wou mos weet hoe ‘n mens die goed by die huis kry.”

“En toe”, tjip Oom Pieter in, “en toe vertel ons hom dat jy dit voor by jou hemp ingooi!” Die drie manne skud soos hulle lag - die prentjie nog helder en duidelik voor hulle. Die arme “Engelsman” het glo vir dae lank gesukkel om die dorinkies uit sy maagvelle te kry - die einde van hulle kortstondige vriendskap.

Ja, dit was baie jare gelede, maar ek onthou baie van hulle stories vandag nog byna woordeliks - juweeltjies uit my kleintyd. Mense is lief om stories te vertel, van hoe swaar hulle grootgeword het of van die avonture wat hulle beleef het. Van die stories wat Oupa vertel het, het selfs afgespeel tydens die Boereoorlog, waar hy as seuntjie in die konsentrasiekamp in Jacobs naby Durban was. Die dinge wat hulle daar as kinders aangevang het laat jou hare regop staan - eendag sal ek dalk daaroor skryf. Snaaks dat hulle altyd vertel het van die

dinge wat nie vir jouself ‘n verleentheid was nie. Tóg was daar een of twee storietjies wat die drie manne met groot smaak vertel het, waar een van hulle in ‘n groot gemors beland het, maar ek kon nooit uitvind wie daardie een was nie, want hulle het altyd gestry oor wie die skuldige nou éintlik was. Mens praat nie graag oor die dag toe jy ‘n gemors aangevang het nie!

Die Hebreër-skrywer vertel ook hier ‘n verhaal - die verhaal van die mens, en dan vertel hy die verhaal van Jesus,. Soos wat jy twee transparante bo-oor mekaar plaas en dan een enkele prentjie sien, so plaas hy die twee verhale bo-oor mekaar sodat dit een verweefde verhaal word.

“Ja, dit was die goeie ou dae!” het die ou manne dikwels gesug as hulle gedagtes ver teruggaan. Maar die “goeie ou dae” was dikwels ‘n hunkering wat uitgesien het na iets beter - dit was dalk vet pret, maar dit was ook bitter swaar tye. Wat ons nou het is wel baie beter, maar ons sien met groot verwagting uit na die volmaakte.

Die skrywer se verhaal begin met ‘n toekomsperspektief, waar alles volmaak sal wees, en waar alles en almal aan Jesus onderwerp is. ‘n Tyd wanneer selfs die dood nie meer bestaan nie en al God se kinders saam met Jesus regeer oor die heelal. Die gordyn is net op ‘n klein skrefie oop, maar dit wat ons daardeur kan sien maak jou opgewonde!

Ons moet egter besef dat daardie vooruitsig nooit moontlik sou kon wees as dit nie was vir die opoffering wat Jesus moes maak nie. Die vernedering wat Hy, die Skepper van die heelal, moes deurmaak om as mens hier op aarde te kom leef - Hom as’t ware met die semels te meng. Hy het ‘n verskriklike lyding deurgemaak, en moes selfs die vervloekte kruisdood sterf. Inderdaad is hierdie sterwe van Jesus ook die tragiese lot van elke mens se lewensverhaal. Hy, die Seun van God, het as’t ware ons elkeen se welverdiende ondergang namens ons kom ervaar, want Hy het vir almal gesterwe.

Maar Jesus se opstanding, hemelvaart en verheerliking verander die koers van ons armsalige mense se lewensloop onherroeplik. Omdat Hy gely het, bring dit ons lot tot volmaaktheid, en deur Sy bittere lyding word ons opgeneem in die gesin van Jesus. Dit beteken dus dat ek en jy nou Jesus se broers en susters is!

Deur die eeue het die mens tevergeefs probeer om soos God te word. Daarom het Jesus neergedaal en eerder ‘n mens geword, en sodoende daarin geslaag om die kragte wat ons lewensverhale beduiwel te vernietig. Ons word só uit die slawerny van uitgediende wettiese godsdiens bevry. Dikwels het ons probeer om ons eie brouwerk reg te maak, maar tevergeefs! Die sonde het óns oorwin. As Hoëpriester het Jesus Homself geoffer vir ons sondes en dit vir altyd weggeneem.

Ja, Jesus is sélf ook versoek! Hy het sélf gely en daarom weet Hy presies wat ons deurmaak! Hy is dus gekwalifiseer om ons te help om daardie versoekings en lyding in ons lewens te hanteer. Vertrou dus op Hom, want

Hy help ons om te volhard deur versoekings en beproewings, en Hy sien toe dat ons wankelrige lewensverhaal ‘n gelukkige einde het!

Gebed:

Here, dankie dat ek my lewe aan U kan toevertrou. Dankie dat ek reeds kan weet dat daar ‘n gelukkige einde is!

# 6

# Jesus teenoor Moses

## Hebreërs 3:1-6

**VIDEO | LUISTER**

Dawid was vir die Jode van weleer die koning by uitstek en selfs vandag is hy dit nog steeds! Hy is die grootste koning in die geskiedenis en dit is met groot ontsag wat daar van koning Dawid gepraat word! Maar iemand uit die Joodse geskiedenis het nog véél groter gesag as Dawid ingeboesem: Moses. Hy was in 'n héél ander klas - iemand wat met God geassosieer kan word, want hy het met God gepraat, en sy hele optrede en persoon het gestraal van "Man-van-God".

In Eksodus 33 lees ons dat Moses 'n tent van ontmoeting buite die Israeliete se kamp opgeslaan het - die voorganger van die tempel. Daar lees ons dat die wolkkolom afgesak het tot by die ingang van hierdie tent wanneer Moses daarheen gegaan het en dat die Here direk met Moses gepraat het "soos 'n man met sy vriend". Sommige teoloë

beweer dat dit eintlik Die Seun van God, Jesus was met Wie Moses elke keer gepraat het. In Eksodus 14:19 word na Hom verwys as die "*Engel van God.*" Wanneer daar in die Ou Testament gepraat word van die Engel van God, dan verwys dit waarskynlik na die Seun van God, oftewel Jesus. Jesus sou dus Persoonlik teenwoordig wees om Moses te lei in hierdie reuse taak.

Moses was 'n merkwaardige man - 'n ware leier wat die wil van God aktief uitgeleef het in sy leiding. Hy het nooit enigiets aangepak as hy nie eers God se wil in die saak gesoek het nie. Moses was 'n baie sterk persoon en sterk leier, nogtans het hy in diepe afhanklikheid van God geleef. G'n wonder dat die Jode so 'n groot agting vir hom het nie. As ons Eksodus verder gaan lees, van hoofstuk 35 tot 40, dan sien ons hoe hy daarin slaag om in die woestyn 'n ware heiligdom - 'n plek van aanbidding te bou wat saam met hulle kon trek na die beloofde land. Hierdie sou vir baie jare Israel se "tempel" wees.

Dis is met hierdie stukkie agtergrond wat ons na die Skrifgedeelte in Hebreërs 3 moet kyk. Die skrywer wil dit by sy lesers tuisbring dat Moses werklik ‘n groot man van God was, maar dat Jesus baie groter eer toekom, selfs groter as Moses - die een wat die eerste “tempel” gebou het. Inderdaad was die Ou Testamentiese godsdiens baie sterk gekoppel aan ‘n fisiese tempel, en Moses was die een wat hierdie grondslag gelê het. Hy was ook die een wat vir die Jode die wet gegee het, asook al die rituele wat met hulle aanbidding saamgegaan het. Wat ons egter moet onthou, is dat Moses se funksie as “Man van God” ook maar beperk was. Die dinge wat hy gedoen en gesê het moes vooruit wys na die toekoms. Hy moes getuig van die dinge wat nog sou kom, selfs baie lank na sy dood. Moses moes vooruitwys na Jesus Christus.

Die Godsdiens wat Moses gebou het, het sy beperkinge gehad. In die eerste plek was dit **eksklusief** - dit was slegs vir die Jode bedoel. Boonop was dit **beperk** tot ‘n fisiese gebou - die tempel. En dan was daar ook die

gevaar dat die **rituele** wat gebruik was, kon lei tot ‘n vorm-godsdiens. Moses was ook maar net ‘n dienaar wat moes doen wat God beveel.

Jesus, aan die ander kant, was baie meer as net die Dienaar - Hy het diens gedoen as Seun van God. Hy was ook die Apostel - die Gestuurde wat God op só ‘n manier verteenwoordig het, dat jy nie ‘n onderskeid kan maak tussen God en sy Verteenwoordiger nie. Moses moes maar net ‘n boodskapper wees wat God se wil aan die volk oorgedra het. Wat Jesus egter sê is wat God sê. Moses het die infrastruktuur geskep vir die priesters om offers te bring in die tempel namens die volk. Jesus het sélf die offer gebring - Hy wás die Offer! Terselfdertyd het Hy ook opgetree as Hoëpriester by uitstek, deur versoening te bewerkstellig vir alle mense se sonde.

Moses was getrou aan God, maar hy was steeds ‘n feilbare mens wat ook maar gesondig het. Jesus se trou het egter vas gestaan tot aan die bittere einde, en deur die

grootste versoekings van die duiwel persoonlik, het Jesus steeds staande gebly en nooit, óóit gesondig nie!

Soos Moses ‘n tempel gebou het, so het Jesus ook ‘n tempel gebou - ‘n tempel van vlees en bloed - bestaande uit mense. Moses se tempel was heilig, en so is Jesus se tempel: dit is heilig - vir die Here afgesonder. Ek en jy is vandag steeds deel van daardie tempel - die kerk van Jesus. Ons is ook heilig want ons is vir God afgesonder, en ons moet daarna streef om sodanig te leef.

God se Tempel (die kerk) is baie belangrik, en ons mag dit nie geringskat nie! Dit is uiteraard die plek waar ons ontslae raak van ons sondelas. Dit is terloops nie die fisiese gebou nie, maar die gemeenskap van gelowige mense, en dit is vir ons ‘n halfweghuis van rus, vrede en vreugde. Ons mag egter nooit uit die oog verloor dat dit nie gaan om die tempel (kerk) nie, maar dat dit in die eerste plek gaan om Jesus. Soos Moses ‘n instrument was, en sy tempel ‘n instrument was om God te aanbid, so is die kerk (ek en

jy) slegs instrumente wat al die lof en dank en aanbidding aan Jesus moet bring. Hy is die Spilpunt waarom alles draai. “Ek is die Alfa en die Omega”, sê Jesus in Openbaring 22:13 - Hy is die Begin en Einde - niemand is groter as Hy nie. Hy is waarlik God!

Gebed:

Here Jesus, ek val vanoggend voor U neer in aanbidding, want aan U alleen kom al die lof en eer en heerlikheid toe!

# 7

# Ongelowige Gelowiges

## Hebreërs 3:7-19

## VIDEO | LUISTER

As die Dominee die kansel bestyg, voel ek sommer aan my beendere dat hier vanoggend ’n swael-en-vuur preek gaan kom. En ek is ook nie verkeerd nie. Hierdie besoekende leraar van 'n sendingstasie is hewig omgekrap, en baie gou besef ek waarom: Sommige teoloë in ons land bevraagteken die hele wese van Jesus! Daar is selfs bekende teoloë wat beweer dat enige soort van godsdiens jou in die hemel sal bring, maak nie saak of dit nou Christen, Hindoe, Moslem of Bhuddisme is nie. 'n Sekere professor in Teologie en sy trawante krap boonop die kerk deurmekaar met allerhande Godslasterlike beweringe, soos byvoorbeeld dat Jesus nooit uit die dood opgestaan of na die hemel opgevaar het nie, en dat Hy ook nie ‘n maagdelike geboorte gehad het nie!

Dan los die dominee nóg ‘n bom: die dominee van 'n gemeente iewers in Gauteng was deel van ’n afvaardiging wat die “geeste van die afgestorwe MK lede” gaan haal het, en dit nogal saam met ’n groep Sangomas - toordokters! Dan heul jy mos met duiwelsdinge!

Daar is groot kommer oor sekere tendense in die kerk. Die droewige deel is dat hierdie teoloë nie eers uitgegooi kan word nie - hulle staan steeds op ons kansels en in die teologiese skole, want as hulle afgedank word, gaan hulle hof toe daarmee en die reg is aan húlle kant!

Daar was al bewerings gemaak dat sekere leraars in Suid-Afrika se godsdiens aan New Age grens en dat daar selfs teoloë is wat ál die beginsels van New Age onderskryf! Skokkend! Hierdie sogenaamde Bybelkenners beweer dat 80% van die dinge wat in die Nuwe Testament geskryf is, bloot fiksie is - sommer net stories! Watter soort snert probeer hulle ons wysmaak!

Gelukkig kan ek vanoggend getuig dat daar duisende leraars en teoloë is wat steeds styf vashou aan die suiwer Woord van God, en dit elke Sondag preek van die kansel af. Ek was die afgelope tyd by verskeie kerk- en sinodevergaderings waar honderde leraars bymekaar was, en die wonderlike gees van geloof en hoop wat ek deurentyd daar gesien het, maak my hart brandend! Bid vir jou leraar, dat hy staande sal bly!

In vandag se skrifgedeelte haal die skrywer aan uit Psalm 95:8-11 en dan maak hy dit van toepassing op sy lesers. Dit handel oor die Israeliete wat vir veertig jaar in die woestyn rondgeswerf het voordat hulle die beloofde land kon binnegaan. Dit was sékerlik nie ‘n maklike veertig jaar nie, maar hulle het sélf gesoek daarna deur hulle ongeloof. Elke liewe dag moes hulle sien hoedat God vir hulle voorsien in hulle tog op pad na die beloofde land. Hy het vir hulle manna en kwartels in oorvloed gegee om te eet. Elke keer as hulle water nodig gehad het, het Hy dit op wonderbaarlike wyse voorsien. Hy het hulle die hele pad op

Goddelike wyse gelei en beskerm met die wolk- en vuurkolom. So het Hy daarmee vir hulle rigting aangedui van die een droë sandduin na die volgende, deur ‘n woestyn wat oneindig voor hulle uitgestrek het.

Die asemrowende wonder van God se sorg is totaal onbegryplik. Meeste teoloë glo dat daar meer as drie miljoen mense was en Hy het voorsien in ál hulle behoeftes! Nogtans kon hierdie Israeliete nie glo dat God hulle veilig die land sou kon inlei nie. Hulle was hardkoppig, opstandig en het God uitgetart! Nie een van daardie geslag Israeliete het die beloofde land gesien nie, buiten Josua en Kaleb, die enigste gelowiges. Die ander se lyke lê verstrooi oor die woestyn.

Nou waarsku die skrywer sy lesers dat hulle nie in dieselfde soort van godsdiens moet verval nie! In Eksodus 33 lees ons dat die Israeliete God aanbid het. Nogtans verval hulle in afgodsdiens nie baie lank daarna nie! Baie van die teoloë wat nou sulke skokkende uitsprake soos hier bo maak, was eens toegewyde gelowiges. Wat het gebeur? ‘n

Jehovah’s Getuie vertel my eenmaal dat sy ‘n Sondagskool onderwyseres in die NG Kerk was. Wat het gemaak dat sy so afgedwaal het dat sy nou nie meer vir Jesus as God erken nie?

Die Israeliete het God op ‘n baie besonderse manier leer ken, maar hulle het steeds hulle rug op Hom gekeer. Hulle straf was afgryslik. ‘n Mens wat ál die geleenthede kry om God waarlik te leer ken, het ‘n wonderlike voorreg. Teoloë het geleenthede wat min mense beskore is - tóg raak party die pad totaal byster. Ek en jy wat gereeld die Woord van God hoor, is nét so bevoorreg - daar is miljoene wat nie daardie geleentheid het nie! As ons onsself laat verlei deur dwaalleringe, of ons kom in opstand teen die dinge wat vir ons geleer word in die Woord van God, dan wag daar ‘n verskriklike einde op ons.

Die onfeilbare Woord van God pleit vandag by jou en my in Heb, 3:15 - “Vandag, as julle sy stem hoor, moenie julle harte verhard, soos tydens die opstand nie.”

Moenie jou laat verlei deur die mooi praatjies van dwaalleraars nie. Hou die oog gevestig op Jesus, die opgestane Here - Hy wat waarlik opgevaar het na die hemel, en wat regeer oor die hemel en die aarde. Hou styf vas aan jou geloof in Jesus, want Hy is waarlik God - Hy is die skepper van die heelal, so leer die heilige Woord van God ons. En glo met jou hele hart dat die Bybel nie maar afgewaterde "woorde van God" is soos sommige beweer nie, maar die ware Woord van God.

Gebed:

O Here, ek pleit om genade vir die teoloë wat U Woord verwerp het. Ruk hulle asseblief terug uit die kloue van die duiwel! Gee asseblief vir hulle 'n nuwe insig.

8

# Woestyntye

## Hebreërs 3:7-19

**VIDEO | LUISTER**

Kom ons gaan lees weer 'n slag die Skriflesing wat ons gister behandel het, en dan kyk ons uit 'n ander hoek daarna. Hoe lank moes dit die Israeliete geneem het om van Egipte tot in die beloofde land te stap? Jerusalem is 'n skamele driehonderd-en-'n-bietjie kilometer van Egipte af. 'n Man kan gemaklik veertig kilometer in 'n dag aflê. Maar sê nou maar hulle het slegs tien kilometer elke dag gestap, dan kon hulle, as hulle voet in die hoek sou sit, binne 'n enkele maand met hulle tasse voor Jerusalem se poorte kon staan. Hoe lank het dit hulle geneem? 'n Volle veertig jaar! Waarom?

Die getal veertig is in die Bybel gelaai met simboliek, veral die Nuwe Testament. Dit wys gewoonlik op voorbereiding. Jesus was veertig dae lank in die woestyn, waar Hy deur die duiwel versoek is. Die apostels

moes veertig dae lank wag en hulleself voorberei na Jesus se opstanding, voor hulle daardie reuse taak kon aanpak om dissipels te gaan maak van al die nasies. Vir hulle was dit ‘n woestyntyd van onsekerheid en angs oor wat die toekoms vir hulle sou inhou. Hulle was gestroop van al hulle sekuriteit wat hulle die vorige drie jaar beleef het saam met Jesus. Hulle moes nou leer om op God alleen te vertrou.

Ek het al gesien hoedat ‘n nuwe jong leraar, pas uit kweekskool, sy eerste gemeente aanpak met tonne selfvertroue, nét om hard aarde toe gebring te word. Wat vir hom ‘n wonderlike ondervinding moes wees, het ontaard in ‘n nagmerrie woestyntyd. Hy wou tou opgooi! Hy het beplan om uit die bediening te gaan, want dinge het vir hom te veel geraak. Ek het hom bitter jammer gekry, maar as ek vandag terugdink, dan sien ek die harde leerskool waardeur hy moes gaan om van hom die baie suksesvolle leraar te maak, wat hy vandag is. Die konfliksituasies wat hy moes hanteer; die fel kritiek waarteen hy hom telkens vasgeloop het; die openlike

vyandskap van sommige van sy eie gemeentelede - alles het hom sterk gemaak vir sy werk in God se wingerd.

Elkeen wat besluit om deel te wees van die Evangelie-span, moet ook bereid wees om deur ‘n woestyntydperk te gaan, want dit is die Here se manier om jou voor te berei en sterk te maak vir jou taak. Woestyntye is uiters belangrik! Jy moet egter weet hoe om dit te hanteer en watter gesindheid jy moet openbaar wanneer jy daardeur gaan.

Kom ons gaan kyk ‘n bietjie na Israel se woestyntyd. Ons moet onthou dat Jakob en sy seuns in Egipte gaan bly het nadat Josef hulle blyplek gegee het. Jakob se seuns was beslis nie engeltjies nie - so leer die geskiedenis ons! Hulle het soms wrede dinge gedoen - selfs hulle eie broer as ‘n slaaf verkoop! Ek wonder soms of hulle ooit veel van die bietjie Godsdiens wat Pa Jakob hulle probeer leer het, onthou het in die jare wat hulle so lekker in Egipte kon leef? Ek dink hulle het dit totaal by die venster uitgegooi! Daarvan het sekerlik bitter min oorgebly vir

hulle kinders en kleinkinders en agterkleinkinders. Teen die tyd dat Moses hulle uit die slawerny waarin hulle uiteindelik verval het, moes uitlei, wonder ek of hulle God nog ooit geken het. Daarom dat Moses vir die Here moes vra, hoe hy vir die volk moes verduidelik, watter God dit nou eintlik is wat hom gestuur het?

Teen hierdie agtergrond neem die Here hulle met ‘n groot ompad deur die woestyn, en Hy leer hulle wie Hy werklik is. Hy sorg vir hulle op ‘n wonderlike manier, en Hy leer hulle van Sy trou en genade en hoe hulle moes leef. Wat doen hulle tydens hierdie woestyntydperk? Hulle verwerp Hom telkemale. Inderdaad het Hy hulle gebring tot by die poorte van die beloofde land, maar hulle was nie gereed daarvoor nie. Wat dalk ‘n jaar of twee moes wees om hulle voor te berei vir hierdie land, het uitgerek na veertig jaar voordat hulle uiteindelik gereed was.

Wanneer ek en jy in woestynsituasies beland - hoe moet ons dit hanteer? Ek was al deur ‘n paar woestyntydperke in my lewe, en dikwels

het ek dit totaal verkeerd hanteer. Die belangrikste is dat jy moet besef dat die Here dit gebruik om jou voor te berei. Moet dus nie daarteen baklei (soos ek al baie gedoen het) nie. Aanvaar dit. Maar dit is óók belangrik om dit te beskou as ‘n baie groot voorreg, en dat jy opreg uit jou hart bly moet wees daaroor. Die Here stuur hierdie soort beproewing slegs oor die lewe van mense wat Hy wil gebruik. Wees dus bly dat die Here jou waardig ag om hierdie “opleiding” te mag deurgaan. Jare gelede, toe ek my diensplig opleiding gekry het, is daar ‘n keuring gedoen vir ouens wat valskermsoldate kon word. Die opleiding hiervoor was louter hel, maar elkeen van ons het gedroom daarvan om deel van hulle te kon word!

Dalk moet ons as gelowiges ook so daarna uitsien om waarlik deur die meule gestuur te word soos dié vir valskermsoldate - ‘n meule wat bitter hard maal, maar wat jou sterk maak vir diens in die Koninkryk van God. Wees dankbaar en trots op die feit dat die Here jou waardig ag vir ‘n woestyntyd!

Gebed:

Here, dankie vir die woestyntye in my lewe. Maak my asseblief sterk en paraat vir die taak waarvoor U my voorberei!

9

## Om te Rus

## Hebreërs 4:1-11

**VIDEO | LUISTER**

Was jy al ooit moeg gewerk, rêrag pê-moeg? Ek was die afgelope ruk al dikwels by daardie punt waar ek net voel dat ek 'n vakansie met baie rus baie dringend nodig het! Maar vir arme ekke is daar géén rus nie want die werk lê in hope en wag en daar is net eenvoudig nie tyd vir 'n vakansie nie! Ai tóggie......

Waterval Boven was in die sestigerjare 'n baie groot spoorwegsentrum en alles en almal was verbonde aan die Spoorweë. Daardie jare was spoorwegpersoneel verplig om op 55 af te tree. Die jare se sweet op die stoomtreine het gemaak dat 'n man teen 55 fisies uitgeput was. En almal het met groot verlange uitgesien na daardie rus. Maar die manne se rus was gewoonlik maar van korte duur, want binne enkele jare van stoepsit en niksdoen was hulle op nog 'n redelik jeugdige

ouderdom al ses voet onder die grond! Waarom? Die skielike niksdoen na ‘n leeftyd van harde arbeid was só ‘n skok op hulle gestel, dat hulle net weggekwyn het…...

Maar dalk moet ons ‘n slag gaan kyk wat die ware betekenis is van die woordjie “rus”. Dit word so maklik misverstaan. Vir die meeste van ons is dit om te ontspan en absoluut niks, of dan ten minste so min as moontlik te doen. Vir ander beteken rus iets heeltemal anders: dit is om op te hou doen wat jou heeldag besig hou, en iets totaal anders in die plek daarvan te doen. As jy dus heeldag voor die rekenaar sit en werk, sal rus dalk beteken dat jy dit gaan uitsweet in ‘n gimnasium of die tuin omspit, of dalk net ‘n entjie gaan stap of draf.

Die lekkerste rus wat jy my kan gee, is om my ‘n week of twee iewers in die ongerepte bos te laat bly, weg van al die moderne geriewe. Om 'n tentjie op te slaan en hout te gaan soek in die veld vir die aand se braaivuurtjie, is gladnie moeite nie. En om kilometers te stap en my pad oop te baklei

deur onbegaanbare doringbosse om die een of ander voëltjie te gaan soek, is pure lekkerte. En om dan stokflou op my kampstoeltjie neer te val aan die einde van die dag …... dis nou lékker rus!

Ons lees in Genesis 2:2 dat God gerus het op die sewende dag nadat Hy klaar was met die skepping. Hoe het God gerus? Deur op te hou skep en die skepping te onderhou! God se rus was dus nie ‘n niksdoen-rus nie, maar ‘n iets-anders-doen-rus. Sondag is ons weeklikse rusdag. Hoe bring ‘jy dit deur? Deur te sit en niksdoen? Nee, jy gaan kerk toe; neem aktief deel aan die erediens; gee sondagskool; doen dalk hospitaalbesoek; nooi iemand (dalk ‘n eensame persoon) uit vir ete; kuier saam met jou gesin of vriende; spandeer tyd aan Bybelstudie of geestelike werk waarvoor jy andersins nie tyd het nie. Met ander woorde, dit behels dat jy God dien en goed doen aan ander mense.

Daar is egter ‘n ander soort rus waarvan hier ter sprake is: die ewige rus wat op gelowiges wag - die rus saam met God in die hemel.

Die vraag is of elke gelowige daardie rus gaan smaak. Volgens Hebreërs 4:1 is dit dalk nie ‘n uitgemaakte saak nie - jy kan jou “paspoort” verbeur! Judas is ‘n klassieke voorbeeld: hy het Jesus intiem geken, maar op ‘n dag besluit dat hy nie meer glo nie. Die gevolge was tragies. In ’n vorige oordenking het ons gesien hoe leraars wat gelowig die Woord van God verkondig het, totaal die spoor byster geraak het en nou Godslasterlike dinge verkondig. Kan hulle God se ewige rus ingaan? Ek wonder maar net. Die ewige rus is nie outomaties aan Christenskap gekoppel nie - daar is dalk sommige wat kan agterbly! Oor hierdie vraag is al baie debatte gevoer, en daar is nie eenstemmigheid daaroor nie. As jy my sou vra of ek glo dat ‘n gelowige sy kans om die ewige lewe te kry kan verbeur, dan moet ek antwoord: “Ek is nie seker nie, maar ek gaan beslis nie kanse waag nie!”

Wat beteken dit? Ja, natuurlik is dit slegs geloof in Jesus wat my kan red. Maar dit vra van my om daaraan te werk, en hierdie geloof in stand te hou en gedurigdeur te

versterk. Om te dink dat so af en toe se Bybel lees, bid en per geleentheid kerktoe gaan, genoeg is, maak jy ‘n groot fout. Dit kos harde werk om jou geloof sterk en lewendig te hou. Terselfdertyd is daar die kwessie van die wet van God. Nee, ek verwerf beslis nie saligheid deur die wet te onderhou nie - alleen Jesus se versoening gee saligheid. Maar as ek die wet by die venster uitgooi, maak ek ’n bespotting van God se heiligheid. Natuurlik is dit ook nie daardie harde werk in die Koninkryk wat jou die ewige rus gee nie, maar as jy dit nie doen nie, glip jy so rus-rus al hoe verder van jou geloof af weg, totdat jy dit uiteindelik dalk totaal kan verloor.

Ja, ek ken hulle - mense wat eens aktiewe gelowiges was, en wat so rus-rus weggedryf het, sodat jy hom vandag gladnie eers meer as ’n gelowige herken nie. As jy dalk een van hulle is, wil ek vandag baie dringend vir jou vra of jou geloof in Jesus ooit nog stewig staan. Indien wel, vir hoe lank dink jy dat jy nog kan uithou voordat jy vir ewig wegdommel die ewige verderf in? Word

wakker! Doen vandág iets aan die saak voordat dit dalk vir ewig te laat is!

Gebed:

Here, skud my asseblief wakker uit my rus - lei my om die tyd uit te koop en te werk in U Koninkryk.

10

# Vark in die Nag

## Hebreërs 4:12-13

**VIDEO | LUISTER**

Diere is in ‘n sekere opsig so ontstellend voorspelbaar. As jy deur die wildtuin ry, dan sal jy dadelik weet, sonder om eers te kyk, wat die rooibokke doen: hulle loop en wei, en paartyd brul die ramme soos leeus en baklei van sonop tot sononder en dan boonop reg deur die nag ook. Leeus slaap. So lyk dit, ten minste, want al wat jy leeus óóit sien doen is slaap. Hulle spandeer tot soveel as 20 uur per dag aan slaap! Ek dink dis 'n mite dat leeus bokke vang. Het jy al ooit 'n leeu 'n bok sien vang? Dit gaan my verstand te bowe hoe die ouens wat die natuurflieks maak die leeus so vêr kry om te jag - my leeus slaap! ’n Visarend sit in ‘n boom en mooi lyk. Soms gaan vlieg hy 'n draai daar hoog in die lug, maar meestal sit hy net. Visvang? Nog nooit een gesien wat visvang nie! Diere is so voorspelbaar!

En dan is daar vlakvarke: Hulle grawe vir wortels of knip die kort grassies nog korter. En as hulle skrik, dan wapper hulle vlaggies aan ‘n lugdraad. Hulle rol ook graag in die modder. Interessante diere, want hulle het nogal ’n groot repertoire! Snags sien jy hulle natuurlik nooit, óóit, want dan kruip hulle weg in ‘n gat. Vlakvarke is só voorspelbaar!

Maar is hulle rêrag so voorspelbaar?

Een aand sit ons by ons kampvuurtjie in die bos - dis al pikdonker, en die leeus is lekker aan die gesels daar onder langs die Krokodilrivier (o ja, leeus brul in die nag - so hulle slaap darem nie áltyd nie!) Selfs die ou wolf-met-die-mank-been is al hard besig om sy droewige lied te sing vir ‘n maat wat iewers op soek is na ‘n stukkie oorskietvleis. Alles is rustig hier om die vuur - baie rustig. Dan skielik is daar ‘n geritsel - ‘n takkie wat kraak. My hart mis ‘n slag of twee, en Mosbolletjie gryp na die flitslig. Wat kan dit wees? Uit die digte bos loer die lelikste gesig wat ek al óóit in my lewe gesien het, met twee opkrultande en bloedbelope oë wat

tussen die vuil, rowwe plooie deur vir ons loer. Hy gee ‘n ongeërgde snork en stap verby na waar daar ‘n paar mieliepitte op die grond lê. ‘n Vlakvark! In die nag?! Hierdie vark het beslis ‘n duister kant aan hom - hulle loop mos NOOIT snags rond nie! Duikertjies, ja, húlle loop snags - ons het juis ‘n hopie mieliepitte en oorryp vrugte vir die duikertjie uitgegooi - ‘n skattige ou bokkie - so skaam en skugter, en altyd bang dat iemand besig is om hom te bekruip uit die donkerte.

Die verskrik-gevreet vark gee ‘n snork, kyk ‘n slag arrogant na ons, en dan takel hy die vrugte. Slurp-slurp vreet hy dit oopbek op. En dan kom die duikertjie se hopie mielies aan die beurt - mieliepit-vir-mieliepit word hulle opgetel deur die wielneus. En wanneer dit lyk asof daar niks meer oor is nie, dan suig hy nog ‘n paar pitte uit die stof op. Ek gril! Hy gee ‘n paar treë in ons rigting en staar ons aan. Ek vererg my vir die ongemanierde vark, tel ‘n stuk hout op en gooi hom. Dis raak maar hy maak asof hy dit nie gevoel het nie. En dan, soos hy gekom het, so verdwyn hy weer die nag in…...

En ek wonder…. Mens dink jy ken iemand, maar eintlik weet jy niks van hom af nie!

Maar wag nou eers ‘n bietjie - moenie die fout by ander gaan soek nie - dalk moet ek eers by myself begin. Almal dink hulle ken my – hierdie vriendelike, lieftallige ouderling. Maar weet hulle rêrag wie ek is? Weet hulle van die donker kant van my lewe? Weet hulle dat daar agter hierdie vriendelike lag ‘n donderwolk in my binneste hang? Ene met blitsende weerligstrale? Nee, natúúrlik sal hulle nooit weet nie, want ek kan dit baie goed wegsteek! Net ek en ekke alleen weet daarvan. My geheim is veilig, baie, baie veilig……..

Maar is my geheim ooit so vreeslik veilig weggesluit in my Fort Knox kluis? Die Hebreërskrywer waarsku: “*Want die woord van God is lewend en kragtig, en skerper as enige tweesnydende swaard. Dit dring deur tot by die raakpunt tussen siel en gees, tussen gewrig en murg, en beoordeel die hart se voornemens en gedagtes.*” En dan gaan hy voort deur te sê dat absoluut niks vir

die Here onsigbaar is nie, en dat alles oop voor Hom lê, en die ergste, dat ons sal moet rekenskap gee!

Ons bly nou maar eenmaal mense, propvol swakhede. Versoekings kom oor jou pad, en partymaal val jy pens en pootjies binne in hierdie versoeking. Sondes ry ons bloots, en al probeer jy ‘n vroom gesiggie opsit voor die mense, is daar tóg die sondes in jou donker binneste waarvan niemand anders weet nie. Die sielkundiges praat van die skadukant van die mens - Freud noem dit die Id (die DIT) - die dier in ons. Dalk daardie vlakvark? Natuurlik wil ons almal sekerlik maar ‘n heel mens wees - ‘n mens verlos van die duistere dinge in jou wat jou dinge laat doen wat onaanvaarbaar is.

Het ek nou ‘n verskriklike donker prentjie geskilder? Inderdaad! Maar dalk is dit nodig dat ons van tyd tot tyd introspeksie doen en weer tot besinning kom. Maar gelukkig is dit nie waar die Hebreërskrywer eindig nie - hierdie is die inleiding om vir ons die wonderlike nuus te gee van Jesus se

ingryping in die donker situasie. Maar daaroor berig ons DV in die volgende dagstukkie. Moenie dit misloop nie!

Gebed:

Here, U alleen ken my hart - die duister dinge wat ek met my saamdra. Dankie dat ek dit vir U mag bring. Vergewe my asseblief, en was my skoon!

# 11

# Hoëpriester

## Hebreërs 4:14-5:10

**VIDEO | LUISTER**

Jy sal onthou dat ons in die vorige dagstukkie gepraat het oor die donker kant in my lewe - die ID - die dier (vark?) Nie een van ons wil so wees nie, en ek wil bitter graag daardie donker "ek" wegwens. Maar hoe?

Ek kan die probleem op verskillende maniere hanteer: ek kan bloot ontken dat ek 'n probleem het! As ek natuurlik erken dat ek 'n swakheid het, is my selfbeeld (image) daarmee heen, dus klink ontkenning na 'n baie goeie opsie. Só sal ek egter nooit geestelik kan groei nie. Maar erger nog, is die feit dat ek hierdeur nie alleen vir myself en die mense om my lieg nie, maar ook vir die Here. Ontkenning is dus gládnie 'n opsie nie!

‘n Ander alternatief is dat ek myself straf op die een of ander manier - ja, inderdaad doen baie mense dit! In Suid-Amerika gaan mense so ver as om hulleself te gésel en selfs te laat kruisig. Ek kan myself eintlik baie makliker straf as dit, deur bloot met ’n skuldige gewete rond te loop. Maar al wat dit my gee is ‘n lae selfbeeld, en boonop verhoog dit my stresvlakke en my bloeddruk.

Ek kan natuurlik ook probeer om self te betaal vir die gevolge van my skewe duister lewe. In die ou tyd het die Hoëpriester dit namens die mense gedoen. Hy was natuurlik ook maar ’n gewone mens, en sy taak was om namens jou by God in te tree. Omdat hy self ‘n mens was - iemand met sy eie swakhede - het hy medelye gehad met die mense vir wie hy moes intree. Hy moes offers bring vir die mense se sondes, maar ook vir sy eie sondes. Hierdie stelsel het baie nadele gehad, want die menslike onvolmaaktheid het pynlik soos ‘n seer duim uitgestaan. Ja, selfs ‘n Hoëpriester het óók maar sy skadukant - die boesemsondes waarvan slegs hy (en God) weet. Dit het

duidelik uitgekom in die verhoor van Jesus, toe die Hoëpriester en ander kerkleiers selfs vals getuienis ingebring het om Jesus te probeer skuldig vind. Van liefde was hier absoluut géén sprake nie.

Nou waar lê die antwoord dan? Is daar enige alternatief wat kan werk?

Die enigste antwoord lê by Jesus - Hy het alles volmaak kom maak. As die Hoëpriester by uitstek is Hy persoonlik deur die Vader benoem. Nie een ander hoëpriester het ooit die voorreg gehad om met 'n stem uit die hemel - die stem van God sélf georden te word nie. Dit was egter nie al nie - anders as die aardse hoëpriesters soos Kajafas, het Hy nooit énige sonde gehad nie!

Was Jesus ooit met sonde gekonfronteer? Inderdaad - kort na Jesus se doop spandeer Hy veertig dae in die woestyn as voorbereiding vir Sy taak. Daar het die duiwel op allerhande maniere probeer om Hom te verlei om te sondig. Jesus het egter deur die ergste verleiding steeds staande gebly en nooit óóit gesondig nie! Boonop kan Hy

Homself volkome met ons probleme vereenselwig, want Hy was ook eens mens met al die menslike probleme - selfs versoekings.

Ons sondes word vandag dus deur die énigste sondelose Hoëpriester hanteer - ’n Hoëpriester wat empatie het met ons gewone mense.

Die priesters van ouds moes na die Allerheiligste van die tempel gaan om in te tree vir die mense se sondes, want dit is dáár waar God was. Omdat Jesus Sélf God is, hoef Hy nie in die Allerheiligste te gaan soos ander priesters nie, Hy het immers direkte toegang tot die hemel. Om die waarheid te sê, was dit juis Jesus (die Engel van God) wat destyds vir Moses in die tent van samekoms ontmoet het wanneer Moses vir die volk moes intree by God.

Waar die ou orde slegs die Israeliete kon betrek, het almal vandag toegang tot Hom. Jesus se Persoonlike opdrag was dat die Evangelie na al die nasies uitgedra moes word.

Jesus is ook nie aangestel uit die tydelike priesterorde van Aäron soos van ouds nie, maar die ewige priesterorde van Melgisedek (Gen. 14:18-20) - ‘n tydlose Goddelike orde. Hoe tydloos dit is, gaan ons nietige menslike verstandjies totaal te bowe. Hy was alreeds voor die Skepping, en Hy is vir ewig - hoe lank dit ookal mag wees.

In die ou tyd het mense betaal vir hulle skuldvergifnis. Jesus het egter gekom en nou sélf die prys ten volle betaal met Sy offer op Golgota. Dit beteken dat ek en jy nou onder ‘n verpligting staan teenoor Jesus, om ‘n lewe van dankbaarheid te lei. Dit beteken nie dat ons nou nog moet betaal nie, maar alleen dat ek my beste vir Jesus sal gee uit eie vrye wil, omdat ek daarmee dankie wil sê.

Kom ons bring vandag al ons laste en sondes na Jesus - ook daardie duistere skadusondes waarvan ons nooit vir enigiemand iets van durf sê nie. Hy sal verstaan, en Hy is bereid om dit totaal en al te vergewe en daarvan te vergeet!

Gebed:

Here Jesus, dankie dat U die Hoëpriester in my lewe is en dat U nie alleen betaal het vir my sondes nie, maar dat U ook vir my intree by God sodat ek volkome kwytskelding van al my skuld het.

12

# Kos Gee Groei

## Hebreërs 5:11-6:3

## VIDEO | LUISTER

Ons kleinkind is vanjaar 18 jaar oud, en natuurlik die mooiste jong dame in die hele wêreld! Ek onthou daardie dag nog baie goed - die eerste keer toe ek vir klein Zoë gesien het in die hospitaal - 'n pap ou dingetjie wat skaars haar ogies kon oopmaak. Die ou sprinkaanbeentjies was om van te huil! En die boudjies - kleiner as hoenderboudjies! Maar toe begin sy mos suip! Melk by die liters, tot vervelens toe. En nes jy dink dat sy nou genoeg gehad het, dan begin sy weer van voor af - skree dat die berge weergalm as jy nie betyds die volgende sarsie gereed het nie. Skaars drie maande later lyk daardie einste sprinkaanbeentjies al so ampertjies soos dié van 'n balletdanseres. Soos 'n spons neem sy haar omgewing waar en bêre die inligting vir toekomstige gebruik. Klanke fassineer

haar, en alles wat beweeg. Tog só jammer dat hulle nie vir altyd so klein en skatlik kan bly nie! Agtien jaar het verbygegaan, en die melk het plek gemaak vir regte, egte kos - vleis en groente en alles wat gesond is. En ek dink: As Zoë wél so klein gebly het, dan was daar ‘n reuse probleem!

Jare gelede was daar saam met my op skool ‘n meisie wat nooit grootgeword het nie - Jenny. Toe ons hoërskool toe is, het sy steeds soos ‘n vierjarige dogtertjie gelyk. Sy was pragtig - skatlik, en almal wou haar opvreet! Maar sy het ‘n baie groot mediese probleem gehad en voordat sy mondig geword het, is sy dood. Tragies!

As ‘n baba nie groei nie, is daar probleme. As ‘n gelowige nie geestelik groei nie is daar óók probleme. In die geestelike lewe is daar nie stilstand nie - óf jy groei, óf jy kwyn weg! Dit is soos ‘n topfiks atleet: as hy nie aanhou oefen en oefen nie, verloor hy sy fiksheid en hy kwyn weg. Geleidelik gaan sy toestand agteruit. Oefening is ook nie altyd lekker nie, want dit verg opoffering en dissipline!

In Heb. 5:12 en 13 spreek die skrywer ‘n ander kwessie aan - die baba se kos. Vir die eerste paar maande kan hy net melk baasraak, en dit doen hy nogal baie goed! Maar dan begin hy met babakos, en geleidelik word dit al growwer en taaier, totdat hy uiteindelik ‘n stuk tawwe biltong met gemak kan kafdraf. Baie gelowiges kom selde verder as die Psalms en die Saligsprekinge, want hulle het nog nooit geleer om die moeiliker dele van die Bybel te lees nie. Openbaring is só ‘n skrikwekkende Boek, dat hy dit totaal vermy! As daar Bybel gelees word, is dit maar net ‘n ou stukkie om die gewete te sus en daar word nooit in diepte besin oor wat God eintlik vir jou wil sê daardeur nie. Vir ‘n huweliksverrykingskursus sien jy dalk nog kans, maar as daar ‘n kursus wat handel oor Bybelinterpretasie en eksegese aangebied word, bly jy baie ver weg, want dit is hééltemal bokant jou vuurmaakplek!

Dalk vra jy vanoggend: “Maar waar begin ek?” ‘n Goeie beginpunt is om by jou gemeente se Bybelstudiegroep aan te sluit.

Lees die Bybel saam met ‘n goeie kommentaar. Ek gebruik die Bybellennium Eenvolume-kommentaar en ek vind dit uitstekend, want dit gee jou ‘n behoorlike agtergrond van die gedeelte en verklaar ook wat bedoel word met sekere moeilike begrippe. Dit pas verder ook die gedeelte toe op vandag se lewe. Met so ‘n kommentaar gaan daar vir jou ‘n hele nuwe wêreld oop, want dan begin die Bybel vir jou sin maak. Skakel in by 'n goeie Bybelskool. Daar kry jy 'n grondslag wat Bybellees vir jou 'n nuwe avontuur maak. Die belangrikste is egter dat dit alles in biddende afhanklikheid van die Heilige Gees gedoen word, anders beteken al hierdie dinge net mooi niks!

Vaste geestelike kos laat jou geestelik groei. Maar nou moet jy versigtig wees dat jy nie net in die wydte groei, en geestelik vet word nie. Saam met kos kom oefening. Daardie “vet” moet omgesit word in “spiere” sodat jy geestelik sterk kan word. Wees bereid om ook te gesels oor die dinge wat jy leer - deel dit met ander, en bespreek dit. Nie alleen verryk jy ander mense met jou kennis nie,

maar sodoende anker dit ook vas in jou eie lewe. Iets wat jy net gelees het, vergeet jy gou, maar as jy dit met iemand anders bespreek het, word dit permanent in jou geheue vasgebrand. ‘n Bybelstudie- of selgroep is hier van onskatbare waarde, want hier kan jy dit wat jy geleer het met ander deel, maar terselfdertyd ook weer van hulle leer.

Maar jy moet ook ‘n stap verder gaan deur die dinge wat jy leer fisies uit te leef. As jy byvoorbeeld in Filippense 4:4 lees dat jy in alles bly moet wees, dan is dit ‘n pragtige gedagte vir die dag. Maak jy egter erns daarvan en leef dit doelbewus aktief elke dag uit, dan gebeur daar twee dinge: eerstens gee dit vir jouself ‘n wonderlike positiewe gemoedstoestand, maar verder het jy boonop ’n positiewe invloed op die mense met wie jy in aanraking kom. Stap in ‘n vertrek in waar iemand opreg, uitbundig die lewe as ‘n lied sien, en die donker wolkie wat dalk oor jou eie kop hang verdwyn soos mis voor die son.

O, daar is baie maniere om die Woord uit te leef - wees kreatief, en luister na wat God vir jou sê. Ek leef byvoorbeeld die Woord uit deur elke oggend ‘n dagstukkie te skryf en dit die wêreld in te stuur. Nie alleen deel ek hiermee die Woord met baie ander mense nie, maar vir myself is dit elke dag ‘n leerskool. Ek staan dikwels verbaas oor die dinge wat ek op hierdie manier uit die Woord leer. As jy oefening jou passie maak, kan dit baie lekker wees - dit hoef nie ‘n straf te wees nie. Geestelike oefening kan ‘n heerlike avontuur wees - myne is opwindend! Ek daag jou uit om vandag daarmee te begin!

Gebed: Dankie vir al die geestelike kos wat U vir my gee, Here. Help my asseblief om geestelik aktief te wees en elke dag U Woord prakties uit te leef!

## 13

# Die Oorvloedige Bos

## Hebreeërs 6:4-12

## VIDEO | LUISTER

Soos jy seker al agtergekom het, is ek baie lief vir die Laeveld. Wat is dit in daardie wêreld wat my so bekoor? Dit kan beslis nie die klimaat wees nie, want dit raak onhoudbaar warm, en as die son jou daar alleen kry, skroei hy jou morsdood! Moontlik die verskeidenheid van diere? Miskien, dalk. Maar ek dink eerder dit is die rustigheid en die plantegroei, veral die bome wat my so aantrek. Ek kan vir ure lank so deur die bos dwaal en my net verlustig aan die asemrowende verskeidenheid van bome, struike, grasse en veldblommetjies. Nee, ek is beslis nie 'n boom- of plantkenner nie. Maar ek geniet hulle!

Ek wil jou uitnooi om saam met my deur die ongerepte Laeveld te stap. Kom ek stel jou voor aan die netjiese ou tante van die bos - Tannie Maroela, altyd gereed wanneer die

somer kom, om jou te oorlaai met vragte geurige vrugte – altyd vrygewig! Neffens haar pryk die geniepsige Blinkblaar Wag-’n-bietjie. O, sy is beeldskoon - immergroen met ‘n digte, blink, donkergroen blaredos. Boonop baie vrygewig met haar klein rooi vruggies waarop baie voëls versot is. Maar sy is ‘n katjie wat jy nie sonder handskoene kan hanteer nie. Sy het regte katnaels wat seer kan krap! En as sy jou eers vasgegryp het, los sy jou nie weer sommer nie!

Reg langs Me. Blinkblaar staan Meneer Rooiboswilg. Hierdie is beslis ‘n man-boom, want hy gee die wonderlikste hout - die swaarste in die ganse bos. ‘n Braaivleisvuur van sy hout is goed genoeg vir ‘n koning!

‘n Entjie verder tref ons die bruid van die bos aan – die reuse Mej. Knoppiesdoring. Sy is seker nou nie juis die mooiste bruidjie nie want sy het ‘n knoetsige, skurwe stam besaai met dorings en gate. Maar sy bied skuilplek vir likkewane en voëls en die skattigste waaierstertmuisies en nagapies wat gereeld nesmaak in die gate wat sy bied. Sy is

sowaar die woonstelkompleks van die bos! Maar waarom noem ek haar dan die bruid? Lentetyd ontplof sy in ‘n massa spierwit blomme wat dit laat lyk asof sneeu skielik die Laeveld getref het!

Mevrou Vanwykshout is beslis ‘n elegante dame, getooi in trosse van die pragtigste pers blomme. Meneer Worsboom is die trotse draer van reuse worse wat eerder na polonies lyk wat aan lang stingels hang. Hy het boonop asemrowende groot, dieprooi blomme. Die statige ou heer, Hardekool toring byna blaarloos die hemel in. Hy is voorwaar die “gentleman” van die bos!

Maar moenie die warboel van struike wat tussendeur die bome groei vergeet nie. Hulle is die tieners - Rosyntjiebos, Mispel, Skurwerosyntjie en Bobbejaanstert en natuurlik die ou kleintjies, die bonte verskeidenheid van vrolike veldblommetjies. En oral baljaar die voëltjies en goggatjies en ander diere. Die bos is Paradys!

Adam en Eva se Paradys het egter sy slang gehad, en so ook die Laeveld. Hy kom as ‘n

ondeurdringbare muur van aaklige dorings, die “gangsters” van die bos: Sekelbos! Bankvas staan hierdie plaat van struik-bome en dreig ons met hulle lang, skerp dorings. “Hier sal julle nie deur nie!” is duidelik hulle boodskap. Ons staan verstom as ons sien dat hulle net mooi álles oorgeneem het - onder hulle groei net Gifappeltjies en Kakiebos! Waar Sekelbos versprei het, het hulle ál die ander verdring. En nou staan net die liederlike deurmekaar goed hier. Dit is baie duidelik dat die grond hier versteur was - jare gelede was hierdie ‘n boer se saailand. En toe skiet Sekelbos wortel en vat sommer alles oor. Ons voel magteloos. Agter ons, die oorvloed van die ongerepte bos; voor, die verskrikking van Sekelbos!

Ons lewens is in 'n sekere sin presies nes die Laeveld se bos! Wanneer jy die dag jou hart oopmaak vir die Here, kom die Heilige Gees en beplant die klipharde grond van jou lewe met vrugbare “bome”. Die eerste ding wat jy moet onthou, is dat plante net groei as daar kos in die grond is. In arm grond gaan jou “bome” doodgaan. Jou grond moet

geestelike kos inkry, soos ons duidelik in die vorige dagstukkie gesien het. Hoe meer geestelike kos jy inkry, hoe oorvloediger dra jou “bome” - ‘n verskeidenheid van vrugte wat tot groot seën is vir almal wat oor jou pad kom.

‘n Tweede belangrike les wat ons leer uit die Laeveld, is dat verskillende soorte grond verskillende soorte plante oplewer. Ry jy deur die noorde van die Kruger Wildtuin, dan sien jy plate Mopanies, waarin die olifante na hartelus baljaar. Aan die rivieroewers kry jy weer Wildevye, Jakkalsbessies, Rooiessenhout en plate riete. So is ek en jy ook verskillend, en ons dra verskillende soorte geestelike vrugte.

Die derde les uit die Bos, is dat daar ‘n baie groot gevaar lê en dreig - die gevaar van versteurde grond, waar ons toelaat dat die vyand, die duiwel, ons vrugbare grond kom omkrap. Dit is daar waar die Sekelbos, Gifappeltjies, Gomdagga en Kakiebos in jou lewe oorneem, en al die ander vrugte verdring. Die Hebreërskrywer stel dit in Heb.

6:4-6 bitter kras, as hy sê dat waar ‘n gelowige afvallig geword het, is dit onmoontlik om weer tot bekering te kom. Só ernstig is hy oor hierdie saak, dat hy sê dat so ‘n persoon eintlik weer vir Jesus kruisig, en Hom in die openbaar tot ‘n bespotting maak!

Hebreërs wil vanoggend by my en jou pleit. Wanneer ons geestelike lewe besig is om sy groeikrag te verloor, en ons nie meer die vrugte lewer wat ons moet nie, dan is daar rooi ligte wat flikker. Moenie dat die Sekelbosse in jou lewe oorneem nie, want dit kan fataal wees - jy kan dalk jou saligheid verloor! Maak jou hart oop vir die Heilige Gees, en neem geestelike kos in sodat jy weer vrugbaar kan wees en tot nut vir die Koninkryk van God.

Gebed:

Here, ek wil nie Sekelbosse in my lewe hê nie - voed my asseblief sodat ek vrugte kan dra!

14

# Is daar nog Hoop?

## Hebreërs 6:13-20

**VIDEO | LUISTER**

Om te krap waar dit nie jeuk nie, kan gevaarlik wees - so het die eerste vrou in die wêreld (volgens ‘n ou Griekse legende) uitgevind. Haar naam was Pandora. Volgens hierdie verhaal is daar aan haar ‘n kissie gegee, en saam daarmee ‘n opdrag dat sy dit onder géén omstandighede mag oopmaak nie! Nou vra ek jou met trane in my oë: is dit nou nie die mees onregverdige ding om enige vrou aan te doen nie? Soos dit natuurlik enige volbloed vrou betaam, het haar nuuskierigheid die oorhand gekry en sy kon nét eenvoudig nie anders as om te loer wat in daardie geheimsinnige kissie is nie. En nét daar begin al die ellende toe, want toe sy die deksel lig, vlieg die aller-liederlikste dinge daar uit: rampe, siektes, ouderdom, misdaad, swaarkry en al wat ‘n slegte ding is. Sy probeer wal gooi, maar dis puur verniet - al

wat lelik is borrel in ‘n stroom by haar kissie uit. Spierwit geskrik klap sy uiteindelik tóg die deksel toe, net voor die héél laaste ding uitvlieg. Wat het in die kissie oorgebly? **HOOP**! Sonder hoop sou die mensdom nooit die magtige vloed van onheil wat Pandora laat ontsnap het kon hanteer nie!

Inderdaad is dit maar net ‘n storie, ‘n legende, maar die feit is dat jy nie sonder hoop kan oorleef nie! ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die Nazi konsentrasiekampe, waar mense soos uitgeworpe diere aangehou is onder die mees haglike omstandighede. Die bekende skrywer, Victor Frankl het in sy boek, “Man’s Search for Meaning” geskryf oor sy ervaringe in so ‘n kamp. Hy vertel dat die enigste mense wat daar oorleef het, dié was wat nog hoop gehad het - hoop het hulle letterlik aan die lewe gehou!

‘n Paar jaar gelede gesels ek met iemand uit Zimbabwe wat alles wat hy deur die jare opgebou het daar verloor toe Mugabe se regering op sy ergste was. Maar hy het steeds in die hoop geleef dat dinge eendag

sou regkom, en daarom het hy later weer teruggekeer na Zimbabwe, die land waar hy grootgeword het.

Die skrywer van die Hebreërbrief wil ook vir sy lesers hoop gee. Hulle het baie vervolging ervaar, en die verskriklike lewensomstandighede het hulle dikwels wanhopig gehad. Baie mense het moed verloor. Is daar ooit vir hulle iets oor in die lewe? Inderdaad! Daar is hoop! So bemoedig hy die verslae mense - God hou sy beloftes!

Abraham was só 'n voorbeeld van iemand wat op hoop geleef het. As hy kinderloos sou sterf, sou dit die einde van 'n geslagslyn beteken - 'n groot ramp! God het egter aan Abraham 'n belofte gemaak van 'n ontelbare nageslag en Abraham het vasgeklou aan daardie hoop, al het dit naderhand totaal onmoontlik gelyk dat God so 'n belofte kon vervul. Die groot honderd het al aan Abraham se deur geklop, toe is daar nog steeds geen kinderlaggies in hulle tent nie. Abraham het egter steeds op God vertrou,

want God het dit met ‘n eed bevestig. Abraham het nooit sy hoop verloor nie!

En toe kom die vreugdevolle dag toe klein Isak gebore word. Mamma Sara was toe al oud genoeg om ‘n Grootoumagrootjie te wees, en Abraham moes al stringe agterkleinkinders gehad het. Maar dit was nie die einde van die Hoop-pad vir Abraham nie, want net ‘n paar jaar later kry hy die skokkende opdrag om vir klein Isak te gaan offer. Hoe moes Abraham nie met hierdie opdrag geworstel het nie! Het God dan sy belofte verbreek? Abraham se hoop was egter steeds gevestig op God se beloftes, en God het voorsien!

Vandag leef ons ook in bitter onseker tye. O ja, daar is baie mense in ons mooi land wat skatryk is en op die oog af nie ‘n bekommernis in die wêreld het nie. Maar miljoene mense leef in die grootste onsekerheid: wat gaan die dag van môre vir ons bring? Gaan my motor dalk gekaap word? Gaan ek beroof word? Moordenaars, verkragters en rowers skuil om elke hoek en

draai. Dan is daar die ekonomie - gaan ons land oorleef? Gaan al die korrupsie en witboordjiemisdaad nie uiteindelik die totale ondergang van ons land beteken nie? En wat van klimaatsverandering? Dag na dag sien ons hoe omstandighede versleg - hoe ons mooi aarde besig is om weg te kwyn. Die pole is klaar besig om te smelt, en ongekende droogtes en vloede teister die ganse aarde. Ons is besig om die wêreld te vernietig, en dit lyk asof niemand iets daaromtrent wil of kan doen nie. Is daar nog hoop?

Vir iemand wat nie deel het aan God se beloftes nie, is daar géén hoop nie! Vir iemand wat nie die Woord van God as grondslag vir sy lewe het nie, lyk die prentjie bitter donker. Vir my en jou, vir wie God geloof gegee het, is dit egter ‘n héél ander prentjie. Die Bybel is propvol wonderlike beloftes waaraan ons kan vashou. Oor hierdie beloftes skryf die Hebreërskrywer in vers 18-20: “*Die doel daarvan was dat, deur hierdie twee onveranderlike dinge, waarvolgens dit vir God onmoontlik sou*

*wees om te lieg, ons wat vrygekom het, 'n kragtige bemoediging sou hê om stewig vas te hou aan die hoop wat voorlê*."

Ja, selfs as die heel ergste gebeur, is daar steeds hoop. Wat vir ons dalk na die einde lyk, is slegs die begin. Agter die "voorhangsel" lê die begin van 'n onbeskryflike splinternuwe lewe waarvan ons nou maar net kan droom. In Openbaring word die gordyn so op 'n skrefie oopgetrek, en dit slaan jou asem skoon weg. Het jy hoop? Ek hoop van harte so!

Gebed:

Here, ek kan U nie genoeg loof en dank en aanbid vir die wonderlike anker van hoop wat U vir my gegee het nie. Dankie vir die heerlike vooruitsig van die lewe hierna waarop ons hoop!

# 15

# Melgisedek

## Hebreërs 7:1-28

**VIDEO | LUISTER**

Politiek en Godsdiens is twee perde wat beslis nie saam voor dieselfde kar hardloop nie. Wanneer hierdie twee saam trek, dan is daar dikwels groot spanning. Kort voor die verkiesing van 1994 lei ons leraar die oggend sy preek in deur te verwys na die politieke situasie in die land. Dit was onskuldig bedoel, maar een lidmaat het dit as politiekery beskou, en met 'n groot lawaai by die kerk uitgestorm. As 'n leraar met politiek deurmekaar raak, dan sê sy gemeente baie gou vir hom dat hy sy baadjie moet vat en liewer loop - jy kan nie hierdie twee dinge saam bedryf nie. Ons raak nét so warm onder die boordjie wanneer die manne in die politieke gestoeltes vir ons wil kom voorskryf hoe om ons sport te bedryf!

Daar is 'n baie goeie rede waarom politiek en godsdiens nie om dieselfde vuur sit nie:

politiek word bitter selde volgens Bybelse reëls gespeel. Nou wil ek nie net vinger wys na ons eie regering in Suid Afrika nie - hierdie verskynsel vind regoor die wêreld plaas. In politiek gaan dit uit en uit om eie belang. Die politikus wat nie selfsugtig sy pad na bo baklei nie, kom nêrens nie, want hier gaan dit in die eerste plek oor mag van die indiwidu. Die party word dikwels slegs gebruik of dalk sefs misbruik in die politikus se strewe na mag. Dit maak ook nie saak wie in die slag bly nie, solank jy net héél bo kan kom! Die politikus wat nie hierdie beginsels volg nie word as ‘n swakkeling beskou. Buiten vir die indiwiduele pogings, is daar natuurlik ook die groot stryd tussen partye, en klippe word gereeld na mekaar geslinger.

Waaroor gaan dit in die Godsdiens? In die eerste plek gaan dit om God - Hy is uiteraard die Alfa en die Omega van die Godsdiens, en alles draai om Hom alleen! Daar is slegs een wet wat hier geld: die wet van opofferende liefde. In die Godsdiens is daar géén nut om op iemand se kop te trap om êrens te kom nie, maar onbaatsugtige liefde vir God en jou

medemens is eerder die norm. G’n wonder dat hierdie twee nie saam kan werk nie!

Dit is in hierdie lig dat ons die gedeelte in Hebreërs lees van die priesterkoning Melgisedek. In Genesis 14 word ‘n verhaal geskets van oorlog waarby nie minder nie as nege konings betrokke was. Abraham het ook in die oorlogsone gewoon, maar hy het geensins daarin belang gestel nie, totdat hulle sy nefie Lot, wat op daardie tydstip in Sodom gewoon het, ontvoer het. Abraham moes noodgedwonge ingryp om vir Lot te red. In die nag het hy met sy 300 slawe ‘n aanval geloots op die belhamel-konings. Lot is gered, en saam met hom ‘n klomp krygsgevangenes, waaronder ook vrouens en kinders. Hierna lees ons dat die koning van Salem, Melgisedek, vir Abraham kos en wyn gebring het, en hom geseën het. Abraham het ’n tiende van die oorlogsbuit vir Melgisedek gegee as ’n dankoffer. Daar word ook vir ons vertel dat hy die priester was van God die Allerhoogste. Sy naam word nêrens verbind met die oorlog nie. Verder weet ons

absoluut niks van hierdie merkwaardige koning nie.

Dit is ‘n aangrypende stukkie geskiedenis, want hier is skielik ‘n koning wat volgens God se belang regeer - absoluut ongehoord! As ons na sy naam kyk, dan sien ons iets merkwaardig: Melgisedek beteken koning van geregtigheid. Maar hy was ook die koning van Salem, wat vertaal kan word met “Koning van Vrede”. Dit is iets waarna elke mens strewe: geregtigheid en vrede, en dit kry ons in hierdie priester-koning, Melgisedek. Hy word gesien as ‘n skadubeeld van Jesus - iemand wat sou vooruitwys na die ware, ewige Priester-koning, Jesus Christus. Was Salem dalk dieselfde plek wat later Jerusalem geword het? Joodse oorlewering glo wél so.

Politiek het deur die eeue sy eie selfsugtige paadjie van magsug geloop. Geregtigheid en vrede kan egter alleen geskied wanneer Jesus Christus die ware koning is. In die kerk mag daar dus géén sprake wees van die onreg en onvrede wat jy in die wêreldse

politiek kry nie. Dit is so hartseer dat kerkpolitiek dikwels ook gepaard gaan met venyn, onreg, onvrede en selfs knoeiery en konkelry. Ek het al menige kerkraadsvergadering bygewoon in verskeie gemeentes, waar die manne en vroue mekaar met klippe gooi - klippe van lelike, harde woorde wat bedoel is om seer te maak!

Ons kan maar net kyk na die voorbeeld wat Jesus kom stel het, oor hoe om waarlik te regeer. Hy, die Koning van alle tye, was bereid om te dien eerder as om te hiet en gebied. Hy het nie gaan sit sodat ander Sy voete was nie, maar het sélf neergebuig om Sy dissipels se vuil voete te was - nie ‘n aangename taak nie! Hy het nie in ‘n paleis gaan sit en mense na Hom ontbied nie, maar Hy het persoonlik na die mense op die straat en in dikwels gure plekke geloop om die blye boodskap te verkondig. Geen mens was ooit te laag of sleg vir Hom nie, en selfs die uitgeworpenes in die samelewing het Hy soos konings behandel.

Om waarlik jou Christenskap uit te leef, beteken om Jesus se voorbeeld te volg. Inderdaad is ek en jy, wat God se kinders is, profete, priesters en konings. Die vraag is, wat ons met hierdie “titels” van ons doen - gebruik ons dit selfsugtig soos ‘n politikus, of gebruik ons dit soos Jesus dit gebruik het, tot eer van God en in diens van ons medemens?

Gebed:

Here, ek staan dikwels skuldig as ek selfsugtig my eie belang soek. Leer my om Jesus se voorbeeld na te streef!

16

## Skadubeelde

## Hebreërs 8:1-13

**VIDEO | LUISTER**

In my kleintyd was was daar nog nie sulke goed soos TV's, rekenaars of CD spelers vir vermaak nie. Om die waarheid te sê, het ons nie eers 'n radio gehad nie - wel 'n "draadloos" wat met 'n motorbattery gewerk het. Die ding het nie, soos vandag die geval, heeldag lank gespeel nie. Hy was net aangeskakel vir baie spesiale geleenthede, soos die nuus en die Du Plooys van Soetmelksvlei, want die battery het maar gou pap geword. Boonop was die klank iets afgryslik, want dit was selfs voor die jare van FM - die kortgolf seine het gekraak en gefluit en lawaai gemaak. Saans het ons onsself dus vermaak met kaartspeel, musiek maak en stories vertel.

Een van my groot gunstelinge was altyd om skadubeelde te maak. Met 'n paraffienlamp of kers wat agter jou as ligbron staangemaak

is, maak jy met jou hande die mees fabelagtige figure teen die muur. Daar was volstruise en slange, perde en skoenlappers. Daar was honde, katte, krokodille en bulle – natuurlik net gewone bulle want tóé was Blou Bulle nog ‘n mite! Ek kon myself ure lank vermaak met hierdie prettige speletjie. Wonderlik watter fantastiese beelde jou hande kan maak! Soms het dit ook gebeur dat daar ‘n mot of ‘n hotnotsgod voor die lamp sy sit kry, en dan word die allerverskriklikste beelde van reuse drake teen die muur geprojekteer.

Die filosoof Plato, wat sowat 400 jaar vC geleef het, het vertel van mense wat in ‘n grot vasgeketting was sodat hulle net voor hulle kon kyk. Agter hulle het ‘n vuur gebrand en al wat hulle van die werklikheid kon sien was die skadu’s wat teen die muur gereflekteer het. Ons is op aarde soos daardie grotgevangenes, want wat in die hemel gebeur, neem ons op aarde slegs waar as flikkerende skadubeelde.

Die Hebreër-skrywer pas Plato se denkskema toe as hy praat van die dinge in die hemel. In vers 5 praat hy van ‘n “*afbeelding en afskaduwing van die hemelse*”, wat ons ‘n kykie gee van hoe die hemel is. Daar is egter ook ‘n ander skadubeeld waarna hy verwys - die dinge in die Ou Testament wat skadubeelde was van wat sou kom in die Nuwe Testament.

In die eerste ses verse word Jesus beskryf as die Hoëpriester by uitnemendheid. ‘n Hoëpriester op aarde het moontlik baie aansien geniet, maar hy was maar ’n blote skaduwee, as ons in aanmerking neem dat die aansien wat Jesus geniet onmeetlik groter is - Jesus regeer immers uit die hemel saam met die Vader. Hy beklee die hoogste gesag ooit. Die Levietiese hoëpriesters het net *gestaan* in God se teenwoordigheid - hulle offerwerk was nooit afgehandel nie. Jesus *sit* nou egter, want Hy het sy offerwerk vir eens en altyd afgehandel. Die aardse hoëpriesters het offers en gawes van die mense gekry wat hulle eenmaal per jaar, op die Groot Versoendag moes offer. Hierdie is

dan ook maar net ‘n flikkerende skadubeeld van die groot offer wat Jesus sou bring. Die hoëpriesters se offers was menslike offers, en dit was maar ‘n powere poging om die sonde te versoen. Jesus se offer was ‘n Goddelike offer wat finaal met die sonde kon klaarspeel. Die aardse hoëpriesters het gawes van die mense gekry omdat hulle Leviete was en die wet vereis het dat daar vir die Leviete gesorg moes word. Jesus was egter nie ‘n Leviet nie, en Hy kon dus nie vir gawes kwalifiseer nie. Hy moes dus sélf die offer wees.

God het ‘n verbond gesluit met Sy volk in die Ou Testament. ‘n Verbond is ‘n ooreenkoms of kontrak tussen twee partye, en in hierdie geval was God die een Party en die mense die ander. Hy sou vir hulle ‘n God wees, maar hulle moes ook hulle kant bring en Hom dien. Hierdie verbond het een swak plek gehad - die mens, want keer op keer het die volk hulle skuldig gemaak aan kontrakbreuk. Hulle kon net eenvoudig nie hulle deel van die kontrak nakom nie.

Toe kom Jesus en tree as bemiddelaar op tussen die twee partye. God stel ‘n splinternuwe Verbond op, en Jesus verteenwoordig die mense by God en beding sodoende baie beter voorwaardes om die mens se saak by God te stel. In die eerste plek is dit nou nie meer nodig vir die opsigters en tussengangers van die ou verbond (Priesters en Skrifgeleerdes) nie, want Jesus is reeds die Tussenganger by uitstek. Van klasseverskille is daar nou geen sprake meer nie, en almal is gelyk op grond van hulle persoonlike ervaring met die Here. Dit beteken ook dat dit nou nie alleen die Jode is wat toegang tot God het nie, maar alle volke en nasies. Daar is egter nog baie meer opgesluit in hierdie kontrak: God is genadig oor mense se ongeregtighede. In Heb 8:12 maak God die belofte: “*Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit weer dink nie.*” Is dit nie wonderlik nie?! Daardie verskriklike sonde wat jy jare terug gepleeg het, en wat jou soos ‘n nare nagmerrie ry - God dink gladnie eers meer daaroor nie, want Hy het jou daardie

sonde totaal vergewe! Dit is uitgewis in Sy boek!

Is daar ‘n voorwaarde verbonde vir my as mens om deel te hê aan hierdie kontrak? Ja! As ‘n man wat in die hof staan weier om ‘n advokaat te hê, is hy verdoem. Jesus is ons Advokaat by God - al wat jy moet doen is om Hom as Advokaat te aanvaar. Jy kan Hom vertrou om jou saak suksesvol te hanteer.

Gebed:

Dankie Here Jesus, dat ek vandag kan getuig dat U my Middelaar is, en dat U my saak hanteer. Dankie dat U reeds vir my volle kwytskelding van my straf bewerkstellig het!

17

# Waardelose Rituele

## Hebreërs 9:1-14

**VIDEO | LUISTER**

Ons is besig met ‘n kooroefening - die kerkkoor lewer ‘n groot optrede, en alles moet perfek wees. Ons sing ons harte uit, en die koormeester raak opgewonde. “Gaan aan!” beduie hy terwyl hy van die koorgalery af verdwyn. “Basse, méér volume!” skree hy daar onder uit die kerk uit. Ons sing dat die biesies bewe, en in die hemel klap die engele hande. Ons koormeester is ‘n perfeksionis - heen en weer hardloop hy deur die kerk om seker te maak dat die koor oral goed klink. “Nooouuu!” bulder hy van êrens, en ek gee my allerbeste. Maar dan snak ek na my asem. Dis mos heiligskennis! Hoe kan hy! Ek hou op sing - op die preekstoel van alle plekke staan hy en dirigeer. Niemand durf daar, in die allerheiligste van plekke opklim buiten die predikant nie! Ek is geskok tot in my fondamente toe!

Hierdie prentjie het hom afgespeel, baie jare gelede (1967) in Durban Noord se NG Kerk, en die koormeester was Louis van der Westhuyzen, 'n briljante orrelis wat later verbonde was aan die Drakensberg se Seunskoor.

Om jou godsdiens te veruiterlik, is ‘n baie gevaarlike praktyk. Om byvoorbeeld ‘n sekere plek as “heilig” te beskou, soos die kansel wat vir die uitsluitlike gebruik van ‘n predikant bedoel is, of om dalk die kerkgebou heilig te verklaar. Ek onthou ‘n tyd toe daar soveel voorskrifte was oor presies hoe jy moet aantrek ens. As kerkraad was ons verplig om swart pakke en wit dasse te dra. Die vrouens moes hoede dra en die manne het in die warm dele van die land sit en stoom in hulle pakke klere en dasse. En die arme dominee is boonop nog gestraf met ’n toga bo-oor sy pak klere! Elke Sondag! Daar was ‘n spesifieke verloop van die erediens, wat niemand durf verander nie: wanneer die konsistorie se deure oopgaan, staan die gemeente soos een man op en sing: “Here Jesus, ons is saam” - onthou jy nog? Dan

was daar die formuliergebede wat die dominee woord-vir-woord moes aflees tydens Nagmaal (iemand het dit eenmaal 'n "huigel-huigel, amen" ritueel genoem). Daar was 'n onbuigsaamheid in die vorm en verloop van die erediens, en hierbinne het mense veilig gevoel, want só aanbid 'n mens mos vir God!

Natuurlik moet daar orde in Godsdiens wees, maar as daardie orde so rigied raak dat dit jou godsdiens bepaal, of dat dit sekere mense insluit en ander uitsluit, dan raak dit gevaarlik. Dan gaan dit oor die Godsdiens en nie oor die Evangelieboodskap nie. As jy die Evangelie suiwer en effektief wil oordra, moet die vorm van die godsdiensoefening aanpas by die boodskap, en nie andersom nie. Vormgodsdiens gee 'n mens 'n valse sekuriteit. Ek sélf het vir jare veilig gevoel in die kerk, want ek het die regte geluide gemaak en die regte voorskrif gevolg. Toe, op 'n dag vind ek met 'n groot skok uit dat ek eintlik verlore is binne-in die kerk!

Ons beoefen vandag dikwels steeds vormgodsdiens. Om die gewete te sus, lees jy saans ‘n versie uit die Bybel voor slaaptyd - dikwels sonder om eers te dink wat jy lees. Die Here praat met ons deur Sy Woord, en om só daarmee om te gaan is vir Hom ‘n klap in die gesig! As jy nie tyd het om waarlik na Hom te luister nie - los dit dan liewer hééltemal uit! Daar is baie ander sulke voorbeelde, soos byvoorbeeld wat ons met gebed doen, en waarom ons dankoffers gee. Dit is dikwels net om die gewete te sus of om vir ander mense te wys dat ons darem die regte ding doen of goeie Christene is.

Een van die grootste probleme van die Ou Testamentiese tempeldiens was die oormatige beklemtoning van die uiterlike vormgodsdiens. Die Hebreërskrywer beskryf hier hoe die dinge verloop het, en ‘n mens kom agter dat elke ritueel haarfyn uitgewerk is. Met groot bekoring beskryf hy die meubelment van die tempel: die kandelaar, die tafel en die offerbrode. In die voorste gedeelte van die verbondstent was slegs priesters toegelaat, en daar het hulle die volk

verteenwoordig. Hulle moes ook deur sekere reinigingsrituele gaan voordat hulle daar kon ingaan. Dan was daar die voorhangsel waaragter die allerheiligste was waar slegs die hoëpriester kon ingaan, want daar (so het hulle geglo) woon God. Daar was die verbondsark en ander heilige voorwerpe, en daar het die hoëpriester elke jaar ‘n offer gebring.

Jesus Christus het egter kom dien as Hoëpriester in die volmaakte hemelse verbondstent. Vir Hom was dit slegs nodig om eenmaal die heiligdom binne te gaan om ‘n offer te bring. Sy offer was nie die bloed van kalwers en bokke en bulle nie, maar Sy eie, kosbare bloed wat Hy vir ons as mense kom stort het as ‘n ewige versoeningsoffer, sodat offers nooit, óóit weer nodig sou wees nie.

Natuurlik het die rituele en offers van die Ou Testament ‘n doel gedien - dit het vooruitgewys na die groot offer wat Jesus sou bring. Vandag is rituele totaal onnodig, tensy dit ‘n spesifieke boodskap moet oordra.

Wanneer ‘n ritueel uitgevoer word, moet jy ook uiters versigtig wees dat jy die regte ingesteldheid het. Die Nagmaal is so ‘n “ritueel” wat byvoorbeeld maklik misbruik kan word, of uit bygeloof gebruik kan word. Dit kan so maklik gebeur dat jy dink dat jou sondes afgewas is omdat jy Nagmaal gebruik het. Dit is ‘n illusie - alleen die versoenende bloed van Jesus kan jou van sonde bevry, en die Nagmaal is ‘n gedenkmaal om ons daaraan te herinner. Inderdaad word jou lewe radikaal getransformeer die dag wanneer jy Jesus se versoening smaak, en dit laat jou met totale nuwe oë na die rituele kyk.

Gebed:

Dankie vir U groot offer, Here. Laat my dit nooit vir een oomblik vergeet nie!

18

# Die Testament

## Hebreërs 9:15-22

**VIDEO | LUISTER**

Ou Oom Herklaas het nooit enige nasate gehad nie. Ja, hy was eenmaal verlief en selfs verloof, en toe loop sy weg met sy beste vriend so kort voor die troue. Dit het bitter seer gemaak, gevolglik het Oom Herklaas toe nooit getrou nie. En eksentriek! Boonop skatrkryk en so oud soos die berge. En toe sit almal net en wag dat hy moet doodgaan, want sy sakebelange beloop miljoene. En wie weet, dalk kan 'n man so 'n ietsie erf as jy mooi is met Oom Herklaas!

Sy testament was veilig by sy prokureur, en niemand, buiten die regsman kon ooit 'n oog daarop lê nie. Maak nie saak hoe die mense by hom vlerksleep nie - sy lippe bly geseël. En niemand durf vir Oom Herklaas vra nie, want almal is vrek bang vir die ou man. Intussen gaan Oom Herklaas sy gewone ou gang, sonder om hom te steur aan al die

gefluister agter sy rug. Heimlik lag hy vir die spul skattejagters - dit gee hom groot genot, want hy weet dat slegs sy dood sy testament in werking kon stel, en daar wag ‘n paar baie groot verrassings op die klomp wat hom so doodwens!

Die Griekse woord, Diathê-kê, wat ons met “testament” vertaal kan ook “verbond” beteken. Daar is twee baie belangrike elemente in ‘n testament: Iemand gaan iets erf van die persoon wat die testament opgestel het, maar die opsteller moet ook eers sterf voordat die testament in werking kan tree.

God het ‘n Testament geskryf waarin Hy ‘n asemrowende nalatenskap beloof. Johannes 3:16 vertel onder meer wat hierdie testament behels. Die benoemdes in die testament kry die wonderlikste erfenis óóit: die ewige lewe! Hulle sal nie verlore gaan nie, en hulle spring die ewige verderf vry. Maar beteken dit dan dat God dood is? ‘n Testament tree mos net in werking by ‘n persoon se afsterwe? Inderdaad, nee! Maar Jesus het wel gesterf

aan die kruis, en op grond daarvan het hierdie testament in werking getree. Wat dit egter anders as alle ander testamente maak, is die feit dat Jesus weer fisies uit die dood opgestaan het, en aktief help met die uitvoering van die bepalinge in die Testament. Jesus is dus nie alleen die Testateur nie, maar tegelykertyd ook die Eksekuteur sowel as die Waarborg vir die uitvoering van die Testament.

Toe Oom Herklaas uiteindelik die dag die emmer skop, sit die hoopvolles soos vlieë om die prokureur gekoek om te hoor wie sy fortuin sou erf. Die regsgeleerde het die spul lang gesigte oor sy leesbrilletjie sit en deurkyk, en toe kondig hy plegtig aan dat slegs die troue bediendes wat hom so liefdevol versorg het, iets erf.  Verder word alles nét so bemaak aan kinderhuise en welsynsorganisasies. Nie ‘n enkele familielid kry ‘n sent nie - wat ‘n reuse teleurstelling! ‘n Paar manne wou net daar en dan prosedeer, maar die testament was finaal, dit kon nie verander word nie. Wat geskryf is, is geskryf!

Jesus se Testament is ook absoluut onveranderlik - wat geskryf is, is geskryf! Nou klink daar ook stemme op van mense wat wil prosedeer, want dis mos nie regverdig dat slegs iemand wat in Jesus glo gered sal word nie. Selfs uit die kerk uit hoor ons vandag hoogsgeleerdes wat wil hê dat Moslems, Hindoes, Harikrishnas en Bhuddiste dieselfde aanspraak op die ewige lewe moet kry. In die praktyk sou dit beteken dat die ganse Bybel herskryf sou moes word! Dit is totaal onmoontlik! God het Sy Testament geskryf, en dit is finaal! Iemand wat nie aan die vereistes van die Testament voldoen nie, mag nie deel hê aan die voordele van die Testament nie.

Maar daar is ‘n kinkel - ‘n skuiwergat. In Oom Herklaas se testament was alles finaal verlore vir die hoopvolles. In Jesus se Testament werk dit ’n bietjie anders, want niemand hoef ooit finaal uitgesluit te wees nie. Anders as enige ander testament, is daar ‘n bepaling in hierdie een, dat enige mens wat nie aan die bepalings voldoen nie - maak nie saak watse geloof jy aanhang nie - nog

steeds kan deel in die onmeetlike ryk skat van daardie Testament. Ja, selfs uitgesproke Sataniste het al deel gekry in Jesus se Testament. Die sleutelwoordjie is: Glo in Jesus! Dis al!

Wat beteken dit om in Hom te glo? Is geloof in Sy bestaan genoeg? Nee - selfs die duiwel glo dat Jesus ‘n werklikheid is, en hy is verlore. Geloof beteken om jou volle, onvoorwaardelike vertroue alleen op Hom te plaas, met ander woorde, 'n lewende verhouding met Jesus.

Beteken dit nou dat jy in Jesus kan glo en terselfdertyd ook byvoorbeeld Bhuddisme aanhang? Nee, baie beslis nie. Wanneer jy jou geloof in Jesus plaas, dan is daar geen plek vir enige ander gode nie. Dan beteken dit dat jy afstand moet doen van alle ander idiologieë. In Afrika beteken dit ook dat die verering (aanbidding?) van voorvadergeeste wat dikwels hand-aan-hand loop met geloof in Jesus, nooit kan werk nie. In Eksodus 20 maak God dit baie duidelik dat jy Hom alleen mag aanbid, en geen ander gode nie. Maar

daar is slegs een manier om by God uit te kom: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe,” het Jesus in Joh. 14:6 gesê, “Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”

Is jy ‘n begunstigde in Jesus se Testament?

Gebed:

Here, daar is so ‘n magdom mense wat nog nie aan U Testament deel het nie. Ek bid dat elkeen wat hierdie brief lees, en steeds soekend is, U Woord sal aanvaar!

# 19

# Selfkastyding

## Hebreërs 9:23-28

## VIDEO | LUISTER

Elke jaar met Paasfees is hulle daar - die mense van Suid-Amerika wat so getrou boetedoen vir hulle sondes. Hulle loop deur die strate met lang, droewige gesigte, al singende terwyl hulle hulleself met swepe slaan totdat die bloed vryelik uit hulle rou wonde vloei. ‘n Paar manne waag dit selfs verder en word gekruisig - spykers deur hulle hande gekap. Dan hang hulle daar aan ‘n houtkruis om Christus te simboliseer. Op hierdie manier probeer hulle betaal vir hulle sondes. Afgryslik!

In Pamplona in Spanje word daar jaarliks ‘n tipe selfkastyding van ‘n totaal ander aard gedoen, wanneer hordes manne voor ‘n trop woedende bulle uithardloop. Dikwels sien ons hoe die manne hulleself voor die pote van die bulle neergooi sodat die diere hulle kan vertrap. Daar is selfs dié wat doelbewus

in die skerp horings van die bulle vashardloop! Selfkastyding - dalk om hulle manlikheid te bewys, of is dit omdat hulle skuldig voel, en op hierdie manier wil betaal vir hulle sondes? Baie mense word liederlik beseer tydens hierdie absurde ritueel!

Natuurlik sal jy met my saamstem dat sulke selfkastyding en boetedoening totaal onnodig is. Hiermee sal die Hindoes wat hulleself deurboor met hoeke en penne deur hulle vel, nooit in der ewigheid die saligheid verdien nie, en die Christene wat hulleself so dramaties martel met Paasfees, bereik daarmee nog minder.

Daar is egter baie meer subtiele maniere van selfkastyding wat daagliks in die lewens van baie gelowiges voorkom. Kom, ek gee ‘n voorbeeld: Ek het dalk jare gelede ‘n ernstige sonde gedoen. Ek het egter vir die Here vergifnis gevra vir die sonde, maar nou bly ek skuldig voel daaroor en ek herinner myself kort-kort daaraan. Skuldgevoelens vreet my op - ek kan nie daarvan wegkom nie, dus bly ek die Here oor en oor vra om my daarvoor

te vergewe. Die vraag is: hoeveel keer moet ek om vergifnis smeek oor ‘n sonde wat ek gedoen het? As ek so aanhou vergifnis vra, dan wil ek eintlik vir die Here sê dat Sy vergifnis nie voldoende is nie en dat Sy kosbare bloed my nie hééltemal skoon kan was nie. Ek dink jy sal met my saamstem dat Jesus se vergifnis absoluut volkome is!

Ons het so ‘n wonderlike voorreg om in ‘n baie spesiale tyd te leef - die eindtyd - daardie tydperk tussen Jesus se geboorte en Sy wederkoms. Tipies mens wat ons is, probeer ons dikwels om te vergoed vir ons eie swakhede, en ons steek baiemaal só by die verlede vas dat ons nie vir Jesus in die hede kán leef nie. In hierdie Skrifgedeelte vra die skrywer ons om Jesus se eenmalige offer te aanvaar - dit is absoluut voldoende om jou volkome vryspraak te gee.

As ons weer na die ou Testament gaan kyk, dan sien ons dat die hoëpriester elke jaar op die Groot Versoendag die Allerheiligste van die tempel moes binnegaan om offers te bring. ‘n Offerdier is geslag en die bloed van

die dier moes dien as versoening van mense se sondes. Vir honderde jare het dit so aangegaan - elke jaar presies dieselfde ritueel.

Kom ons stel ‘n scenario: Jesus word vir die afgelope 2000 jaar nou al elke jaar óór gekruisig vir ons versoening. Natuurlik sal jy dadelik vir my sê dat dit ‘n absurde gedagte is! Nee, Jesus het slegs eenmaal gely en gesterf, maar ook weer opgestaan uit die dood. Sodoende het Hy vir eens en altyd klaargespeel met die sonde. Die tyd dat mense hulleself herhaaldelik moet kasty om hulle eie brouwerk reg te maak, is vir altyd verby!

Met die korrupte lewe wat ons as mense leef, is ons gedoem om eenmaal te sterf. Dié lot tref alle mense en daarna kom natuurlik die oordeel! G’n hoëpriester kan óóit genoegsaam namens ons versoening doen nie, al sterf hy selfs ook vir ons, want selfs hý is korrup en vol sonde! Jesus, die Sondelose is egter slegs een keer geoffer, want Hy was volmaak en kon versoening bewerkstellig vir

al ons sondes. Nou is die oordeel wat vir ons as gelowiges sou wag na die dood, skielik nie meer daar nie. In Heb 9:28 lees ons: "*As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.*" Gelowiges hoef dus nie in vrees en bewing te wag op Jesus se wederkoms nie want Hy kom nie om die gelowiges te oordeel nie maar om hulle in heerlikheid weg te voer. Vir diegene wat Jesus se groot offer en geskenk van die ewige lewe egter verwerp het, is dit 'n totaal ander saak. Oor hulle lot wil ek liewer nie eers dink nie!

Romeine 3:23 stel dit onomwonde: "*Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing in Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.*" Selfkastyding, in watter vorm ookal, is totaal onnodig, want Jesus se eenmalige offer was genoeg - al wat Hy nou van jou vra is om in Hom te glo.

Gebed:

Dankie, Here Jesus, Dankie vir U groot offer. Vul asseblief my lewe met dankbaarheid!

# 20

## Skadu's teen ‘n Grotwand

## Hebreërs 10:1-18

**VIDEO | LUISTER**

Op ‘n streep stap die groep toeriste agter die gids aan in die grot - stalagmiete en stalaktiete gevorm deur duisende jare se waterwerking doem oral op in die mees bizarre vorms. Blink watertjies wat uit die dak sypel, maak van alles om ons ‘n sprokiesparadys. Dan stop die gids en almal bondel om hom saam. Die ligte word afgeskakel en skielik is dit angswekkend, voelbaar donker. Hy skakel ‘n enkele lig aan agter een van die formasies: die skaduwee van ’n afskuwelike draak verskyn teen die oorkantste rotswand. Hy skakel die lig af en ‘n ander lig neem sy plek: nou verander die skaduwee in ‘n wulpse Marilyn Monroe. Die gids speel met die ligte om elke keer ‘n totaal ander beeld te vorm van dieselfde rotsformasie, gevolg deur “Oeee’s” en “Ahhh’s” van ‘n waarderende gehoor. Na ‘n

fantasievlug van skadubeelde skakel die gids weer die hoofligte aan. Ek bekyk die stalagmiet wat vir hierdie wonderlike vertoning verantwoordelik was, maar al wat ek sien is ‘n ruwe klip.

In 1 Korintiërs 13:12 praat Paulus ook van raaisels en skadu’s: hy sê dat ons nou net ‘n raaiselagtige beeld in ‘n dowwe spieël sien, maar dat ons alles eendag sal sien soos dit werklik is. Ja, ons sien vandag baie dinge slegs as skadu’s, en dan is dit baie ver verwyder van die werklikheid. Sou dit nie wonderlik wees as ons alles kon sien soos dit werklik is nie? Sou dit nie verruklik wees as ons skielik al die kwelvrae en onduidelikhede klokhelder kon verstaan nie? Sou dit nie fantasties wees om skielik helderheid te hê oor die dinge waaroor ons as gelowiges al soveel eeue stry nie? Ag, dis maar net ‘n versugting, maar eendag sal ons alles wél weet!

Die wet van Moses was een van daardie skadubeelde, wat oorspronklik ‘n baie edel bedoeling gehad het, naamlik om heen te

wys na Jesus en die groot verlossing wat sou kom. Ongelukkig is hierdie wet gekaap deur godsdiensleiers wat die lig só daarop laat skyn het, dat die eens mooi skaduwee verander het in ‘n drogbeeld. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is wat die Fariseërs van die wet gemaak het. Dieselfde wet wat moes dien as ‘n riglyn oor hoe om God te dien en vir jou medemens lief te wees, het hulle gesmee in wreedaardige kettings wat mense bind en lewens verwoes. Rondom die heerlike, bevrydende Sabbatswet het hulle ‘n magdom wette opgetower om te keer dat iemand nie per ongeluk die wet oortree nie. Sodoende is mense aan bande gelê en is die helder vlam van geloof uitgedoof tot ‘n smeulende, rokende lamppit.

Deur die eeue het die sonde keer op keer die Evangelie probeer kaap. Die wreedaardige kruistogte van die middeleeue, waar duisende mense doodgemaak is in die naam van die Evangelie, is ‘n liederlike klad op die naam van Christene. Op die slagveld van die kerkgeskiedenis lê daar talle liggame besaai - mense wat dikwels totaal onskuldig

gesneuwel het - alles in die naam van die Evangelie. Hoe verskriklik is dit nie dat juis dít wat bedoel was om mense te red, hulle ondergang beteken het. Vandag vlam die humeure steeds baie hoog op, juis oor presies dieselfde onderwerp. Die Evangelie is die middelpunt van ‘n verwoede geveg binne die kerk, waar sommige geleerdes die opstanding van Jesus, en alles wat daarmee gepaard gaan bevraagteken!

Alles gaan oor sonde. Die Hebreër-skrywer sluit in hierdie perikoop sy argument af oor offers uit die ou bedeling en Jesus se offer. Dit is nie diereoffers of graanoffers, brandoffers of sondeoffers waarin God belangstel nie. Ons sou vandag dalk kon byvoeg dat dit ook nie die formele aspekte van ons doop, Nagmaal, sang, erediens of kerklike etos is wat God behaag nie. God stel belang in gehoorsaamheid. In Heb 10:9 sê Jesus dat Hy gekom het om die wil van God te doen. Daarmee word ook geïmpliseer dat ek en jy die wil van God moet doen in navolging van Jesus. Dit is die “offer” wat ons vir Hom moet bring. Ons as gelowiges is

immers afgesonder vir God deurdat Jesus die finale offer gebring het.

Ou testamentiese offers is oor en oor gebring, en dit het nooit die sondes volkome weggeneem nie. As ek en jy vandag oor en oor moes boetedoening doen vir ons sondes om sodoende ‘n moderne offer te bring, sal dit steeds nie genoeg wees nie, want terwyl ons nog “offer”, is ons klaar weer besig met die volgende sonde. Jesus se enkele offer het vir eens en altyd ons sondes weggevee.

Omdat ons dus nou vrygespreek is, is ons nie meer gebonde aan wettiese reëls nie. Beteken dit dat ons nou totaal wetteloos is? Beslis nie! In plaas van rigiede reëls wat nagekom moet word, raak die wet nou ‘n hartsaak. Nou is dit nie meer: “Ek mag nie doodslaan nie”, maar “Ek het my naaste lief”.

Vryspraak beteken ook dat al die liederlike goed uit my verlede totaal vergete is, en dat ek met ‘n splinternuwe, silwerskoon bladsy in my lewe begin. “Aan hulle sondes en oortredings sal ek nooit meer dink nie”, sê die Here in Heb. 10:17. Wat ‘n wonderlike

gedagte - ál die skadu's van die verlede is weg!

Gebed:

Here, ek kan U nie genoeg loof en dank en prys vir die vryspraak wat ek so onverdiend gekry het nie!

21

# Wat Beteken Kerkwees?

## Hebreërs 10:19-25

## VIDEO | LUISTER

Klip-klop-klip-klop word die doodse stilte versteur, as sy agter by die kerk ingestap kom. Ek rek my nek om te kan sien wie die heiligheid so verbreek. Sy het ‘n blinknuwe paar hoëhakskoene aan wat duidelik ‘n nommer te groot is en ‘n hoed met plastiekblommetjies op. “Kyk voor jou!” sis Ma as sy my in die ribbes pomp. Wanneer die tannie gaan sit, kraak die kerkbank, en ‘n paar koppe word gesteurd in haar rigting gedraai. Dan stilte, heilige, voelbare, ongemaklike stilte. ‘n Ou omie kug, en die klank weergalm deur die kerkgebou…..

Uiteindelik, perfek gesinkroniseerd, presies op die sekonde 9-uur gaan die konsistoriedeure oop. Die kerkklok lui tweemaal, en soos een man staan die gemeente op terwyl die ouderlinge en diakens stywenek en met stroewe gesigte

ingestap kom en in hulle spesiale banke stelling inneem. “Here Jesus, ons is saam”, sing almal outomaties as Oom Fred Geyser die orrel met volle oorgawe laat bewe. Ek verwonder my aan al die omies wat presies eenders aangetrek is - swart manelpakke en spierwit dasse, nes pikkewyne!

Dan volg die rituele van wet en geloofsbelydenis en opstaan en sit en opstaan en sit, en ek weet nooit wanneer ek my oë moet toehou en wanneer ek mag kyk nie. Soms loer ek maar wat die grootmense doen, en dan maak ek ook maar so. Van die preek verstaan ek g’n kop of stert nie, want die dominee praat in ‘n verhewe taal met so ‘n heilige klank, selfs aan doodgewone woorde wat hy sê. En wanneer hy 'n woord soos “Mesopotaaahmië” sê, en dit so mooi uitrek, dan klink dit so heilig....... Die diens is bitter lank en die kerkbank pynlik hard en al die mense so verskriklik nors. Ek wens dit was al verby!

Dankie tóg dat daardie manier van kerkhou lankal finaal verby is!

Oor ‘n aantal jare het daar ‘n wonderlike vernuwing in die kerk gekom, en die stywe, ongenaakbare atmosfeer het totaal verdwyn. Dit is vir my amper simbolies van wat daar in die heel eerste kerk plaasgevind het. Die ou Jode het slegs in die tempel in Jerusalem aanbid. Net ‘n paar uitgesoekte mense is daar toegelaat. As jy nie ‘n Jood was nie, dan was jy beslis nie welkom nie. Vrouens het absoluut géén status daar gehad nie, en nog minder kinders, en hulle was ook nie in die tempel toegelaat nie. Hulle moes tevrede wees om maar tot in een van die voorhowe te vorder.

En toe word die kerk van Christus “gebore”. Skielik het almal vrye toegang tot die heiligdom, maak nie saak wie of wat jy is nie. En boonop hoef jy nou nie meer na Jerusalem se tempel toe te gaan nie, maar enige plek waar mense bymekaar kan kom is goed genoeg, selfs onder 'n boom!

Die dag toe Jesus aan die kruis gesterf het en die voorhangsel in die tempel geskeur het, is die gordyn wat God van die mense

geskei het simbolies weggeskeur. Skaars dertig jaar later is die ganse tempel vernietig en gelykgemaak met die aarde, om nóóit weer herbou te word in hierdie bedeling nie.

Die vraag is vanoggend, wat kerk vandag vir ons beteken? In die eerste plek is ek en jy, die gelowiges die kerk en baie beslis nie die grênd gebou wat ons graag kerk noem nie. Dikwels wil mense nog probeer om daardie gebou heilig te verklaar, maar die feit is dat dit maar net 'n gebou is. Wat wél van uiterste belang is, is dat die lidmate van die gemeente op 'n gereelde basis bymekaar moet kom. "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie", pleit die Hebreërskrywer. As 'n gemeente vandag baie gelukkig is, sal daar dalk 40% van die lidmate op 'n Sondag by die erediens uitkom. 20% gaan waarskynlik nooit, óóit in 'n erediens kom nie. Was jy Sondag deel van die samekoms van jou gemeente?

Waarom is dit so belangrik dat jy by die gereelde samekomste van die gemeente

betrokke raak? Waarom is dit dat die skrywer vra dat gemeentelede mekaar moet aanmoedig om te kom deelneem? Is dit vandag nog relevant in ons moderne samelewing? Kan jy nie maar net ‘n kerkdiens op TV kyk nie?

In die eerste plek is dit die geleentheid waar jou geloof versterk word op verskillende maniere. Die doop en Nagmaal is byvoorbeeld tasbare dinge wat jou herinner aan Jesus se verlossingswerk. Die Woordverkondiging is ‘n uiters belangrike deel van die byeenkoms, want hier hoor jy wat God se wil is vir jou lewe. Dikwels moet daar hard met jou gepraat word, en ander kere vind jy troos en krag om weer die lewe in die oë te kan kyk.

Die samekomste het egter ook ‘n ander, baie belangrike funksie: dit bring gelowiges bymekaar - mense wat hulle laste met mekaar kan deel. Deur mekaar se laste te help dra, genesende woorde te sê, mekaar se blydskap en vreugde te deel, trane af te droog en hande te vat, word die Koninkryk

van God opgebou. Elke gemeente moet só kerk wees dat mense kan hande vat, medelye kan hê en mekaar se swaarkry kan deel. Die stroewe atmosfeer voor die erediens soos van weleer, het mens laat dink aan ’n dooie kerk waar die kerkgebou belangriker is as mense. Dankie tóg dat die geleentheid vandag geskep word vir mense om betrokke te raak by mekaar, en so waarlik lewende kerk kan wees!

Gebed:

Here, baie dankie dat ek vandag deel kan wees van ‘n gemeente wat lewe, en waar mense vir mekaar omgee!

22

# Eenmaal ‘n Christen, altyd ‘n Christen?

## Hebreërs 10:26-31

**VIDEO | LUISTER**

Daar heers ‘n angswekkende spanning in die kamp van die vryheidsvegters - hoe het die regering uitgevind waar hulle wegkruip? Gisteraand is hulle uitmekaar geskiet, en hulle moes vlug vir hulle lewens. Vir ure al is die leiers besig met ‘n beraad om die misterie uit te pluis. Stadigaan begin dinge egter duidelik word. “Fernando!” bulder die leier. Fernando krimp ineen. Hy spring op en probeer weghardloop, want hy wéét dat hy skuldig is. Maar dis reeds te laat. Daar was lankal iets baie snaaks omtrent hierdie man: kort-kort het hy net verdwyn. Nou weet almal: Fernando is 'n verraaier! Hy word hardhandig gegryp. Sy angsgille weerklink as hulle hom skop en slaan - hy is immers verantwoordelik vir die dood van etlike van hulle makkers tydens die vorige aand se skermutseling! Die vuurpeleton is nou sy voorland……

Verskriklike storie! Verskriklike einde vir ‘n arme mens! Maar hierdie man het presies geweet wat hy doen toe hy sy maats - sy sielsgenote verraai het. Die ideologie waarin hy geglo het, het vir hom waardeloos geword, en hy het dit weggegooi om homself met die vyand te vereenselwig.

Vir die vroeë kerk was dit in baie gevalle ‘n oorlewingstryd. Kyk maar hoe die Christene deur die wrede Nero uitgeroei is. Hulle moes ‘n ondergrondse bestaan voer om te probeer verhoed dat iemand uitvind dat hulle Christene is. Geheime tekens, soos die vis is gebruik om mekaar te herken as mede-Christene. Wanneer iemand uit die heidendom tot bekering kom, plaas hy eintlik sy eie lewe op die spel. Waarom het mense soveel gevare en onderdrukking getrotseer om die Christelike geloof aan te neem? O, die voordele was natuurlik oneindig groot! Om ‘n kind van God te wees beteken dat jy verlos is van die mag van sonde; dit beteken die ewige lewe; dit beteken dat jy vir Jesus ken; dit beteken …….. genade!

Wanneer ‘n gelowige egter die dag besluit dat hy nie meer kan aangaan met hierdie geloof-storie nie, dan is dit ‘n verskriklike besluit om te maak. Skielik word hy nou ‘n gevaar vir al die gelowiges wat hy leer ken het, want as hy terugkeer na die heidendom - die groot vyand, dan kan hy nie anders as om sy lojaliteit aan hulle te bewys nie. Nou het hy ‘n verraaier geword wat enige gelowige se marteling of dood kan beteken. Dit is teen hierdie agtergrond wat ons die gedeelte in Hebreërs 10 moet lees. Die gemeente was van mekaar afhanklik vir hulle oorlewing, en enige afvalligheid was letterlik ‘n saak van lewe en dood. As ons dan lees dat afvalligheid so verskriklik swaar gestraf sal word, dan moet ons nie verbaas wees nie, want afvalligheid is ‘n baie ernstige saak.

Maar kom ons kyk ‘n bietjie wat die skrywer hier vir my en jou vandag wil sê. Hy stel dit baie duidelik dat ‘n persoon wat afvallig geword het baie swaar gestraf sal word deur God. “Maar dit rym nie!” wil jy uitroep, “God is dan genadig! God is liefde! Wat het daarvan geword?”

Wat beteken dit om afvallig te raak? Sannie was ‘n verlore siel, vasgevang in die wêreld se sondes. Toe, op ‘n dag kom sy tot bekering. Haar lewe is brandend vir Jesus, en sy neem deel aan al die gemeente-aktiwiteite. Op ‘n dag kry sy ‘n teleurstelling wanneer dinge nie gebeur soos sy dit graag wou hê nie. Sy is kwaad, en bly weg van kerk af. Weldra kom sy al minder en minder by die gemeente uit, en uiteindelik verval sy weer in ‘n lewe van sonde. As iemand met haar praat oor haar geloof, kry die persoon ‘n afjak. Haar vertroue in Jesus het sy totaal verloor. Sy word ‘n verraaier wat weer by die vyand aangesluit het. Onmoontlik? Nee, beslis nie! Ek het dit al sien gebeur.

Die vraag is: wat gebeur met so ‘n persoon? Ek het dan gedink dat as jy eenmaal ‘n Christen is, dat jy altyd ‘n Christen is! Wat nou? Wees gewaarsku: ‘n mens kan jou geloof verloor as jy nie volhard nie. Die Bybel leer ons in baie duidelike taal dat God wél oneindig genadig is en red, maar dat die straf vir ongeloof verskriklik is. “Die loon van die sonde is die dood,” lees ons in Rom. 6:23.

Matt. 25:41 beskryf die straf as ‘n ewige vuur. “Daar sal ‘n geween wees en ‘n gekners van tande,” sê Jesus oor die hel in Matt. 25:30. Hierdie verskriklike oordeel en straf is nie alleen bedoel vir heidene en totale ongelowiges nie, maar ook vir ‘n gelowige wat weggedryf het van God af - wat verval het in sonde en sy geloof verloor en verloën het, soos met Judas Iskariot gebeur het!

As dit dalk jy is van wie jy vandag hier lees, kan ek jou vandag ook goeie nuus gee: daar is steeds genadetyd! *“Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word.*” lees ons in Jes. 1:18. Ja, God sal steeds red en vergewe! God se genade is duisendmaal groter as Sy straf. Selfs Dawid en Paulus, altwee moordenaars, is totaal vergewe! Selfs al het jy totaal afgedwaal en Jesus verloën, staan Hy steeds daar en pleit by jou om terug te kom en weer God se kind te word. Wil jy nie vandag vir Hom “Ja” sê nie?

Gebed:

Here, ek kan so maklik in sonde verval en U verloor. Gee my asseblief volharding om staande te bly en krampagtig U hand vas te hou!

23

# Jubel in jou Swaarkry!

## Hebreërs 10:32-39

**VIDEO | LUISTER**

Ek en my Mosbolletjie was jonk getroud en met ‘n blink toekoms voor ons. My geloof was borrelend, en ek kon berge versit - nog sommer ‘n splinternuwe Christen, skaars twee jaar oud in die geloof. Ons eerste baba was so byna ‘n jaar oud. Met die familiebesigheid wat Pa en ‘n paar ander familielede oor die jare opgebou het, het dit voor die wind gegaan, en hulle het dit oorweeg om my ‘n direkteur te maak. Ek was opgewonde!

Maar alles was nie pluis nie. Van die probleme wat onder broei, het niemand ‘n woord gerep nie, totdat die bom daardie verskriklike dag bars. Een oggend word ek uit die bloute meegedeel: “Ons maatskappy is bankrot! Gaan soek vir jou ‘n ander werk.” Ek was platgeslaan - al my drome lê aan skerwe. Ek gaan huil op die skouer van die

plaaslike sendeling, en hy stuur my na vriende in Welkom. Platsak val ek en Mosbolletjie in die pad: wat wag op ons? Vir ‘n hongerloon moet ek werk, maar ek geniet dit terdeë, want dit is Koninkrykswerk! Al ons versekeringspolisse verval, want daar is nie geld om dit te betaal nie, maar watwo! Ek en Mosbolletjie is vrekverlief en stralend gelukkig. Een maand word ons ganse maand se salaris gesteel en ons moet oorleef op turksvye en knolkool, maar die lewe gaan voort, en ons is brandend vir die Evangelie.

Toe tref die verskriklike slag ons, toe ‘n paraffienblik vol kookwater ontplof en my arme Mosbolletjie liederlik verbrand. Vir ses weke lê sy en krul van pyn in die hospitaal. Talle operasies en veloorplantings later is sy uiteindelik weer terug by die huis, maar dit sou nog baie maande neem vir haar volle herstel. Vriende dra ons op die hande deur daardie bittere tyd, nie net in gebed nie maar ook in liefde en met fisiese hulp, en bewys vir ons dat ware omgee nog bestaan!

Jare later tref nóg 'n bankrotskap ons, hierdie slag baie erger as die vorige. Ons verloor absoluut alles wat ons gehad het…..

My verhaal is geensins ongewoon nie, en baie van die lesers kan dalk verhale vertel van baie groter ontberings. In die nuwe Suid Afrika is swaarkry nie ’n ongewone ding nie. Dikwels is dit nie noodwendig finansiële swaarkry nie, maar ook geestelike swaarkry. Om ’n voorbeeld te noem: die onderdrukking van Godsdiens in skole, wat menige toegewyde onderwyser baie swaar getref het. Dit is in sulke swaarkrytye waar jou geloof gebou word. Jy kan swaarkry op twee maniere hanteer: jy kan jouself sit en bejammer, maar dit gaan jou nêrens bring nie, want jy gaan net in ‘n depressie verval en sake nog erger maak! Of jy kan die situasie positief benader en dit beskou as ‘n vormingsproses waarin jou geloof gebrei en sterkgemaak word. Wees bly dat God jou waardig geag het om deur hierdie proses te kan gaan. Paulus het eenmaal gesê dat hy dit as ‘n baie groot eer beskou dat hy kon swaarkry vir die Evangelie.

Swaarkry laat jou dikwels innoverend dink, en probleme verander in uitdagings. Ons kry dit só dikwels dat iemand wat sy werk verloor, verplig word om wyer te dink. Hy begin sy eie klein besigheid, en weldra ontwikkel dit tot ‘n florerende saak. ‘n Onderwyseres wat aan bande gelê is met Godsdiensonderrig, het haar pousetyd opgeoffer om die Evangelie met kinders te deel. Dit was nie lank nie, toe is daar ‘n skare van kinders wat nog nooit blootstelling aan die Evangelie gehad het nie, wat om haar saamdrom - honger vir die Woord. ‘n Stroom Bybels is deur hierdie kinders opgeraap, en so het die Evangelie nie alleen die kinders bereik nie, maar ook hulle huisgesinne. Onderdrukking van die Woord het hier juis die gevolg gehad dat die Woord versprei kon word.

Ja, die vervolging van Christene in Israel destyds het veroorsaak dat hulle die wye wêreld in moes vlug vir hulle lewens. Die direkte gevolg was dat die Evangelie dwarsoor die wêreld versprei het, want hulle

het dit uitgedra so ver as wat hulle gevlug het.

Swaarkry het ook ‘n ander uitwerking op ‘n gelowige: dit maak jou sensitief vir ander mense wat swaarkry. Ek en my gesin moes sélf die afgelope klompie jare deur baie diep waters gaan en ons was etlike male platgeslaan! Nogtans het die Here ons geestelik opgetel en nuwe hoogtes laat bereik. Hy gebruik ons om baie mense wat in die donker put van moedverloor is, nuwe hoop te gee, want ons was sélf daar deur. Vandag is ek borrelend gelukkig - jy kan ook wees!

Moenie dat swaarkry jou onderkry nie. Lees ‘n bietjie wat in Habakuk 3:17vv geskryf is: “*Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.*” Kom ons maak deur ons eie swaarkry hierdie

ook die jubellied in ons harte en maak blydskap, selfs deur swaarkry ons lewensfilosofie!

Gebed:

Dankie Here, dat U my ook waardig geag het om swaarkry te beleef vir U. Dankie dat ek vandag ongekende blydskap kan beleef! Gee asseblief vandag ‘n jubeling in die hart vir elkeen wat hierdie dagstukkie lees en dalk ook swaarkry ondervind!

24

# Wat Is Geloof?

## Hebreërs 11:1-40

## VIDEO | LUISTER

"*Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.*" Só beskryf die Hebreërskrywer die term: Geloof. Het ek God al ooit gesien? Nee, beslis nie! Nogtans is ek met my hele hart oortuig van God se bestaan. Waarom? Die Woord sê dit is so, en daarom aanvaar ek dit, maar nog meer belangrik is dat die Heilige Gees my dit op die hart lê.

Oortuiging is egter nie genoeg vir 'n ware geloof nie: die ander belangrike aspek is vertroue. As ek slegs sou glo dat God bestaan, beteken dit niks – selfs die duiwel is oortuig daarvan! Om ten volle alléén op Hom te vertrou vir alles in my lewe - dit is waar die ware geloof begin inskop. Met ander woorde, daar moet 'n intieme, persoonlike verhouding met Hom wees. Geloof maak dit vir jou

moontlik om binne die ruimte van die onmoontlike te leef.

In hierdie relatief-lang gedeelte in Hebreërs vertel die skrywer verhale van geloofshelde om te illustreer hoe geloof werk. Elke verhaal vertel van hoe die mense van daardie tyd geloof ervaar het, en wat die langtermyn gevolge daarvan in hulle lewens was. Dis ‘n positiewe en baie bemoedigende gedeelte wat ons ook weer met nuwe oë na die karakters laat kyk. Die skrywer noem ‘n lang lys van name, en ons gaan beslis nie vanoggend elkeen van hulle behandel nie. Maar daar is tog enkeles waaroor ons net eenvoudig móét praat - pilare uit die geskiedenis wat geloof simboliseer.

Abraham word allerweë beskou as die vader van geloof, alhoewel daar geloofsreuse soos Henog en Noag voor hom was. Abraham is egter iemand met wie ons selfs vandag kan identifiseer. Hy was ‘n welvarende man - iemand wat álles in die lewe gehad het. Wel, byna alles - die een ding wat kortgekom het was ‘n nageslag. Nóóit kon hy die vreugde

smaak van vrolike kinderlaggies in sy huis nie, en dit was sy een groot begeerte, dat daar eendag vir hom ‘n seuntjie sou wees wat die familienaam gaan voortdra.

Abraham was ‘n gelowige man wat God aanbid het, maar dit het nie net by gebed gebly nie: hy het sy volle vertroue in God gewerp en in 'n persoonlike verhouding met Hom gestaan. Toe maak God ‘n belofte aan Abraham: hy sou ‘n nageslag hê wat ontelbaar groot is. Hierdie was, menslik gesproke, ‘n onmoontlike belofte, want soos almal weet was Abraham al baie oud en Sara was onvrugbaar. Maar Abraham het God vertrou. Soms het sy geloof tóg ‘n bietjie gewankel, soos die keer toe hy God se belofte in eie hande wou neem en hy en Sara besluit het om haar slavin te gebruik om vir hom ‘n nageslag te verwek. Dit was egter nie wat God vir Abraham in gedagte gehad het nie, en dit het uiteindelik uitgeloop op ’n tragedie. Toe Abraham al 100 jaar oud was en sy onvrugbare vrou Sara 90, maak die Here die absoluut onmoontlike waar en gee vir hulle ‘n baba!

Steeds is dit nie die einde van Abraham se geloofsbeproewing nie, en ‘n paar jaar later kry hy die opdrag om daardie enigste seuntjie van hom te gaan offer. Só sterk is Abraham se vertroue in God, dat hy die opdrag uitvoer sonder om vrae te vra. As God vir hom ‘n kind kan gee in sulke onmoontlike omstandighede, dan is God by magte om ook daardie kind uit die dood op te wek nadat hy geoffer is.

Die voorbeelde van Abraham se tipe geloof deur die geskiedenis van Ou Testament, asook in die Nuwe Testament is legio. Die vraag kom egter vanoggend na ons kant toe, want die geskiedenis was met ‘n doel opgeteken, sodat ek en jy daaruit kan leer. Hoe staan dit met ons geloof vandag?

Vir sommige mense is die waarhede wat in die Skrif opgeteken is net eenvoudig te vergesog, en kan hulle dit nie aanvaar nie. Baie van die ongelooflike wonderwerke waarvan ons lees word afgemaak as stories. Selfs Jesus se maagdelike geboorte, opstanding en hemelvaart word as fiktief

afgemaak. Die Woord van God word afgewater tot “woorde van God”. Met sulke soort redenasies wil ek sê dat hulle dalk hulle geloof totaal verloor het.

Geloof is, soos ons aan die begin gesê het, om ten volle te vertrou op God. Dit beteken ook dat ek ten volle vertrou dat Sy Woord waar is. Maar wat beteken hierdie vertroue in God? Beteken dit dat alles met my net voorspoedig sal gaan? Nee, maar dit beteken wel dat God my in Sy hand sal hou, maak nie saak wat met my gebeur nie. Selfs marteling, armoede, bankrotskap of selfs die dood kan my nie van God se genade skei nie. Ons moet onthou dat hierdie lewe op aarde slegs ‘n tydelike een is, en dat die ware lewe vir ons voorlê anderkant die poorte van die dood.

Abraham het op God se beloftes vertrou, en God was getrou om dit waar te maak. God het ook vir my en jou beloftes gegee - nie van rykdom of voorspoed of ‘n lekker lewe op aarde nie, maar van ‘n onbeskryflike nuwe lewe in die ewigheid. Vertrou op God, want

Hy hou Sy beloftes. Moet nooit, óóit Sy hand laat los nie, want die alternatief is afgryslik!

God se beloftes het egter nie alleen ewigheidswaarde nie: ook hier en nóú is Hy te énige tyd daar om jou te troos en dra, selfs deur die swaarste tye en die donkerste nag. Maar soos met Abraham behels geloof ook dat daar sekere voorwaardes van my kant af nagekom moet word.

Gebed:

Here, dankie dat ek kan weet dat U beloftes waar is. Gee my asseblief ‘n onwankelbare vertroue in U!

# 25

# Wedloop van die Lewe

## Hebreërs 12:1-3

## VIDEO | LUISTER

Dis bibberkoud in Pietermaritzburg as die haan kraai - daardie berugte haan wat elke jaar soveel konsternasie veroorsaak. Dis nog pikdonker, maar daar staan ‘n skare van duisende mense, almal in groot afwagting. Dan klap die skoot, en die massas kom in beroering. Die voorste klompie spring flink weg, en binne minute is hulle los voor die groot bondel. Die agterste klomp maal nog vir lank nog rond voordat hulle in beweging kan kom, want die skare van deelnemers aan die Comrades marathon is oorweldigend. Wanneer die voorlopers al in Durban oor die wenstreep seil, sukkel die agterhoede steeds om Pietermaritzburg agter hulle te kry!

Wat die Comrades so ‘n interessante wedloop maak, is nie die voorste atlete wat dit uitspook om die wenplek nie, maar die doodgewone mense wat in die bondel

hardloop, en veral die agterhoede wat fanaties probeer om tog maar net die eindpunt betyds te behaal. Om die mense dop te hou wat deurdruk ten spyte van die moordende opdraendes, krampe, totale uitputting en seer voete, is soms hartverskeurend. Om te sien hoe sommige atlete die arena binnestrompel met hulle laaste bietjie krag, net om te moet sien dat die wenstreep wat vir hulle wink eenvoudig te ver is, ruk jou aan die hart. En as twee ewe-uitgeputte mede-atlete 'n arme kêrel wat inmekaar gesak het met die wenstreep winkend dan ophelp, en ten spyte van hulle eie probleme nog dra tot by die eindstreep, dan kan jy nie die trane keer nie. Wanneer ek die Comrades dophou, dan bly draal die ou CSV liedjie in my gemoed: *"Bly volhard soos atlete, dis God wat die wedloop bepaal. Daar's 'n skaar verlostes wat wag om die baan dat ons almal die wenstreep sal haal."*

Die geloofslewe is ook 'n wedloop, dikwels 'n Comrades-tipe wedloop. Vir sommige is dit baie belangrik om met onderskeiding oor die eindstreep te kom; vir ander slegs om die

wedloop te voltooi. Sommige gee halfpad moed op, en haal nooit die eindstreep nie. Net soos die Comrades, is die lewenswedloop nie maklik nie. Dit verg ure en weke en maande se voorbereiding om te kan inskryf - ‘n nuwe Christen val mos nie sommer in by alles in die gemeente nie - hy begin eers deur te leer waaroor die geloof nou eintlik gaan. Ernstige geloofsvrae takel jy eers wanneer jy sterk genoeg staan in die geloof om dit te kan hanteer. Jy begin eers by die klein, maklike wedlopies en maak jouself só sterk vir die groot een. Wanneer jy dan die dag in daardie groot lewenswedloop begin hardloop, dan moet jy besef dat daar talle terugslae op jou gaan wag. Jy moet voorbereid wees daarop, maar jy moet besef dat dit alles deel van die wedloop is. Wat is die Comrades sonder die moordende opdraendes? Nét so is daar moordende berge op jou geloofspad - hulle móét daar wees!

Moet dus nie moedeloos raak as daar vir jou swaar tye in jou lewe kom nie. Siekte, finansiële terugslae, vervolging oor jou

geloof, mense wat in jou pad kom staan en jou verhoed om dinge te doen - hierdie is alles maar net berge op die pad van jou lewenswedloop. Sien dit in daardie lig, dan word hulle nie ‘n onoorbrugbare hindernis nie, maar ‘n uitdaging wat vir jou wag om oorwin te word.

Stel jou die prentjie voor: ‘n Kêrel spring die Comrades weg met ‘n rugsak op sy blaaie. Daarin is ‘n bottel wyn, ‘n lekker groot Bloubul-biefstuk, ‘n braaitang, houtskool, braairooster en ’n driepootpotjie vir die pap. En om darem nou ’n lekker atmosfeer te skep wanneer hy halfpad gaan piekniek hou, het hy ook ‘n musiekspeler. Lagwekkend? Inderdaad! Hy sal daardie Comrades nooit óóit voltooi nie! In die lewenswedloop is dit net so moeilik om deel te neem as jy met ‘n spul bagasie hardloop. “*Laat ons van elke las ontslae raak,*” sê die Hebreërskrywer, “*van die sonde wat ons so maklik omring.*” Hoe minder sonde jy met jou saamdra, hoe makliker word die wedloop - dis net logies!

Hy sê verder "*en (ons moet) die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop.*" As 'n man al na 'n paar kilometer vir homself sê dat dit heeltemal te swaar is vir hom, gaan hy baie gou uitval. Ek ken talle gelowiges wat so uitgeval het in die lewe - moenie dat dit met jou gebeur nie. Byt vas. Kners op jou tande en druk deur!

Maar op jou eie is dit totaal onmoontlik. Met die woorde: *"Hou die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof"*, wil die Hebreërskrywer dit vir ons benadruk - dit is van uiterste belang. Die liedjie hier bo se derde versie lui: *"Hou die oë op Jesus, ons Vriend ons Verlosser ons Heer. Vir die vreug daarna het Hy smarte verdra. Hy begin en versterk ons geloof."* Ja, dit is immers die groot troos in hierdie wedloop dat Jesus van die begin tot die einde daar is om ons by te staan. Wanneer ons struikel is Hy daar om te keer dat ons nie val nie, en wanneer die opdraendes net eenvoudig te swaar word, is Hy óók daar om ons aan die hand te vat en die steiltes uit te trek. Solank ons Hom nooit

uit die oog verloor nie, sál ons die wedloop suksesvol voltooi!

Gebed:

Dankie dat ek ook in die lewenswedloop mag deelneem Here. Ek besef dat ek baie swakhede het, en daarom vra ek dat U my hand asseblief styf vashou sodat ek die wedloop suksesvol kan voltooi!

# 26

## Die Here tug dié wat Hy liefhet

## Hebreërs 12:4-13

**VIDEO | LUISTER**

‘n Rottang kan ‘n skrikwekkende stukkie gereedskap wees. Die vrees wat hy inboesem hang natuurlik grootliks daarvan af in wie se hand dit is, en die bui van daardie persoon. Ek onthou ou Vere, die verstrooide wetenskaponderwyser se rottang. Dit was mildelik gebruik as ons skelm stinkbomme maak in sy klas terwyl hy ‘n eksperiment probeer demonstreer. Ek het nooit by hom gebuk nie, want wetenskap was vir my ‘n fees, maar hy het sy gereelde kliënte gehad. Pappa Britz het my egter gereeld gelooi, en glo my: sy rottang was giftig! Maar hy kon dit net eenvoudig nie regkry om geskiedenis in my in te looi nie! Vir Woltoon, die hoof, het ons almal ‘n heilige vrees gehad, want daar het jy eers op die spreekwoordelike rooi mat gestaan, en dan is daar lank en hard vir jou gepreek voor jou loesing. Die loesing was nie

so erg nie, maar daardie preek…… Oom Fred Geyser het 'n "platriem" gehad, maar dit was net 'n afskrikmiddel, want hy het bitter selde sy riem gebruik. Met woorde het hy ons deur standerd vyf gevorm, en ons het die grootste respek vir hom gehad.

En só is ek deur matriek getug. Pa het natuurlik by die huis ook sy deeltjie gedoen met groot liefde. Ek het bitter selde 'n pak slae by hom gekry, maar ek onthou elke pynlike een van hulle soos gister. En ek het elkeen dééglik verdien!

En toe kom my weermagdae. Nege maande se diensplig was beslis nie maklik nie! As rou rekrute is ons die basiese van dissipline geleer op die harde manier. As jy 'n fout maak moes jy in die bloedige son hardloop tot om die verste boom, en as jy nie vinnig genoeg hardloop nie, dan moet jy dit oor doen! Jy maak nie sommer dieselfde fout tweekeer nie! Later, toe ons met gevaarlike wapens te doene kry, is hierdie dissipline al so in ons ingedril, dat jy die wapens veilig

kon hanteer. Dit het verséker vele ernstige ongelukke verhoed!

Wat beteken tug? Iemand vra my ’n tyd gelede of sy deur God gestraf word met haar siekte. Is alle vorms van teenspoed straf?

Tug is ‘n vormingsproses wat met liefde uitgevoer word. ‘n Geharde moordenaar word deur die staat gestraf deur hom lewenslank op te sluit. Dit is nie tug nie, want géén tug gaan hom op die regte pad kry nie - dit is rou straf! Die doel van tug is om die persoon fisies en geestelik te vorm. ‘n Kind wat ‘n lelike gewoonte aangeleer het, word getug sodat hy daardie gewoonte kan afleer. ‘n Atleet word gedurigdeur getug deur sy afrigter: ure van sweet en pyniging in die gimnasium en ure van uitmergelende oefening op die atletiekbaan. ‘n Atleet wat nie ‘n groot ambisie het nie, oefen net so bietjies-bietjies, maar die een wat die vermoë en die wil het om die hoogste sport te bereik word gedruk tot die uiterste toe!

Inderdaad straf God: Sy straf vir die sonde is die ewige verderf, die hel - ‘n afgryslike,

skrikwekkende straf. Jesus het die volle prys vir God se straf betaal deur Sy offer aan die kruis. Elkeen wat dus in Jesus glo is totaal vrygespreek van God se straf, maar dié wat nie glo nie - wat nie Sy geskenk van die ewige lewe wil aanvaar nie - moet tevrede wees om God se straf te verduur. As jy dus in Jesus glo, is daar nie meer so ‘n ding soos straf vir jou nie. Maar dan tree God se tug in werking, nie as straf omdat jy gesondig het nie, maar as ‘n liefdesaksie om jou sterker te maak in die geloof. Soos ‘n atleet word jy deur tug gebrei in jou geloof totdat jy onwankelbaar is. Dit is juis húlle wat die grootste potensiaal het, wat die hardste getug word, want sodoende kan hulle soveel meer vir die Koninkryk beteken.

Die Hebreërskrywer haal aan uit Spreuke 3:11,12, as hy sê dat wanneer jy die dag God se tugtiging beleef, dan moet jy nie mismoedig word nie. Sien daarin eerder God se groot liefde vir jou, want Hy maak bemoeienis met jou omdat jy vir Hom baie beteken. Dikwels is siekte, pyn of bankrotskap nodig om iemand wat verval het

in ‘n lewe van selfvoldaanheid - waar God vir hom nie meer so belangrik is nie - terug te ruk na dít wat werklik saakmaak. Sulke dinge is gewoonlik baie pynlik, maar dit dwing jou op jou knieë, terug na God toe. Voorspoed kan baie gevaarlik wees, want dit kan jou só geldgierig en magsbehep maak, dat jy van God begin vergeet. Dikwels is ‘n finansiële ramp die enigste ding wat jou weer by God uitbring. Wanneer dit dan gebeur, dan wil jy huil en jy vra waarom God jou dan so straf. Dit is nie lekker nie. Wees verseker dat dit nie straf is oor sonde wat jy gedoen het nie. Dit is reeds lankal vergewe en vergeet! Dit is egter God se liefdesaksie om te keer dat jy nie miskien totaal jou geloof verloor en die ewige straf ingaan nie. Maar dit kan ook wees dat God jou hiermee wil leer om in totale afhanklikheid van Hom te leef.

Jy word dus aangespoor om die reguit pad te loop en nie af te dwaal van God se weë nie. Sodoende word jou “slap hande en lam knieë” sterk gemaak, want as jy die dag afdwaal, dan raak dit wat lam is boonop nog uit lit uit! Wees dus bly as jy getug word, want

dit beteken dat jy deur God waardig geag word! En die wonderlikste van alles: Dit beteken dat God jou innig liefhet!

Gebed:

Dankie Here, dat ek waardig in U oë is om getug te kan word. Gee my asseblief dankbaarheid en ‘n blye hart wanneer ek swaarkry!

## 27

# Wanneer God Praat

## Hebreërs 12:14-29

**VIDEO | LUISTER**

Eksodus 19 vertel die verhaal van 'n volk wat in doodsangs gestaan het omdat hulle 'n ontmoeting met God gehad het. Moses het die "pasgebore" Joodse volk gelei tot by die berg Sinai. Daar het hy op God se bevel die berg alleen uitgeklim en die volk onder gelaat. God se opdrag aan hom was dat hierdie berg heilig is in God se teenwoordigheid, en dat niemand anders as Moses daar mag opklim nie, of selfs aan die voet van die berg raak nie. Só ernstig was die Here hieroor, dat enigiemand wat dit sou oortree summier doodgemaak moes word.

Hoe skrikwekkend! Miskien het hulle gewonder wat dan nou so spesiaal is aan 'n berg in die woestyn - dit het maar soos enige ander berg gelyk! Moses kry 'n tweede opdrag: die mense moes hulle gaan was en skoon klere aantrek sodat hulle simbolies

rein voor God kon staan. Nou begin hierdie mense bekommerd raak: wat sou daar vir hulle wag? Wat gebeur as jy die Almagtige God ontmoet? Oor die afgelope tyd was hulle al voorberei met God se teenwoordigheid in die wolk- en vuurkolom. En dan was daar ook die verbysterende wonderwerk toe die see oopgekloof was vir hulle om hulle te red van die Egiptenare. Nou moes hulle egter vir God van aangesig tot aangesig ontmoet en hulle was bitter bang, want hulle het al so ‘n ietsie van God se almag beleef!

Toe die dag breek op daardie groot dag, word die Israeliete uit hulle vere geskud deur die allerverskriklikste donderslae en ‘n skerp, klaende geluid soos ‘n ramshoring wat al harder en harder word. Toe hulle uit hulle tente storm, sien hulle dat die berg gehul was in ‘n wolk. Weerlig het bonatuurlik geblits. Angsbevange moes hulle sien hoedat rook oral uit die berg begin borrel. Die aarde het geskud, en dit het gevoel asof die einde van die wêreld aangebreek het. Intussen het daardie eienaardige geluid van die ramshoring al hoe harder en harder geword.

Die mense het behoorlik gebewe van angs. Wat hier gebeur het was nie maar net die natuurelemente nie - hier was iets verskriklik onnatuurlik aan die gang! Die volgende oomblik was daar ’n verblindende vuur toe God in vuur op die berg neerdaal. Gedurende hierdie magtige skouspel van God se teenwoordigheid, het Hy met Moses gepraat terwyl die volk bibberend van vrees moes toekyk!

Dit moes angswekkend gewees het om so ‘n ontmoeting met God te hê. Selfs Moses, wat talle kere vir God ontmoet het, het gesidder van angs voor God…...

Dit bring ons by ‘n baie netelige saak: hoe kan ek en jy vandag nog met God praat? Durf ons in ons sondige toestand voor Hom, die Almagtige verskyn? Dankie tog! Jesus het alles kom verander. Jesus het vir ons toegang kom bewerkstellig na die Almagtige God, sodat ons vandag in Sy teenwoordigheid mag staan sonder enige vrees!

Maar kom ons begin by die begin: Soos die Israeliete van ouds hulle moes gaan was en skoon klere aantrek, so wil God ook hê dat ons gereinig en skoon sal lewe as ons met Hom ‘n goeie verhouding wil hê. Die Hebreërskrywer se pleidooi is: “*Beywer julle vir vrede met alle mense asook ‘n heilige lewe.*” Hierdie sinnetjie is ‘n baie groot mondvol, want om in vrede met my medemens te lewe behels sommer ‘n klomp dinge van my kant af. Daar kan nie ware vrede wees sonder liefde nie. Om vrede te bewerkstellig vra van my baie harde werk, want dit beteken dat ek my moet doofhou as iemand iets sleg teenoor my sê, sodat ek nie daaroor kwaad word nie. Dit beteken dat ek ‘n aggressiewe aanval moet antwoord met liefde en sagtheid, en absoluut opreg wees in my handeling. Dit beteken natuurlik ook dat ek niks sal sê wat kwetsend is teenoor iemand anders nie, want ’n snedige antwoord beteken dat my bedoelings nie waarlik opreg is nie. Om in vrede te lewe is beslis nie vir sissies nie!

Die tweede deel van sy sinnetjie is nóg moeiliker om te handhaaf: om heilig te lewe. Heilig beteken om afgesonder te wees vir God. Dit beteken dat ek van die sonde moet wegbly. Natuurlik is dit menslik totaal onmoontlik om geen sonde te doen nie, maar my lewe moet daarvan getuig dat ek hard probeer, en dit is ál wat God van my vra!

Vir ‘n enkeling is dit ‘n bitter stryd om so alleen teen die sonde te veg, en boonop nog vrede te probeer maak ook. Ons het mekaar daarvoor nodig om mekaar moed in te praat en te ondersteun, net soos wat die atlete gedurende die Comrades Maraton mekaar oor die wenstreep dra. As iemand struikel is die ander daar om hom op te help. Daarom is kerkgroepe so geweldig belangrik, want binne ‘n gemeente is die ruimte geskep vir mense om mekaar te ondersteun. Ek weet dat hier mense is wat vandag hierdie dagstukkie lees wat nie inskakel by ‘n gemeente nie. Ek pleit vanoggend by jou om deel te word van daardie ondersteuningsgroep waar mense vir mekaar omgee omdat Jesus in hulle harte is.

Ja, inderdaad het ons nie vandag nodig om in vrees en bewing voor God te staan nie. Jesus is ons Middelaar, sodat ons sonder enige vrees te enige tyd met God kan praat. Ja, Hy is steeds die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde, maar Jesus het vir ons die Deur geword na Hom. Jesus het Sy kant gebring deur alles te gee om daardie Kommunikasiekanaal te skep - selfs Sy eie lewe te gee en ‘n grusame dood te sterf aan die vloekhout. Sal ek en jy nie ook maar ons kant bring vir Hom nie? Kom ons wys met ons lewens dat ons werklik waardering het vir wat Hy vir ons gedoen het.

Gebed:

Here, dankie dat U vir my die pad oopgemaak het sodat ek vandag vrymoedig met God kan praat. Help my asseblief om ‘n heilige lewe te lei!

28

# Familie

## Hebreërs 13:1-6

**VIDEO | LUISTER**

Die spreekwoord lui dat jy jou vriende kan kies, maar met jou familie sit jy opgeskeep – van húlle kan jy nie ontslae raak nie! As jy die dag 'n Christengelowige word, kry hierdie spreekwoord 'n kinkel by, want skielik het al die ander gelowiges jou familie geword.

Ja, toe die Nelle die dag see toe trek, toe kry ons ook familie by waarvan ons nooit eers geweet het nie, maar dis nou 'n héél ander storie. Op 'n dag kom 'n jong paartjie by ons aan. "Ek is Oom Piet van Putsonderwater se kleinniggie," vertel die meisie. "Oom Piet het gesê dat julle nie sal omgee as ons by julle kom oorslaap nie." Wat kan 'n mens nou sê? Jy kan die tweetjies mos nie die deur wys nie? En toe slaap hulle oor, sommer vir 'n hele week lank, en hou heerlik vakansie by die see op ons onkoste. Ek weet tot vandag toe nog nie wie hulle was nie!

Sedertdien het baie totale vreemdelinge die poorte van die Nel-huishouding binnegekom en ‘n slaapplekkie gekry. Mens kan mos nie nee sê as ‘n groepie platsak studente by jou kom aanklop terwyl hulle op ‘n bemarkingsveldtog is, en ‘n lêplekkie vir die nag vra nie? Hulle is selfs tevrede om maar so op die vloer te slaap. En as hulle op die koop toe ’n bord lekker warm kos kry - dalk die eerste in dae - dan ken hulle dankbaarheid géén perke nie! Jim Reeves het mos gesing: “A stranger is just a friend you do not know.” Hoe reg was hy nie!

Maar gasvryheid het 'n tyd gelede vir my ‘n totale nuwe betekenis gekry. Met die finansiële krisis wat ons 'n paar jaar gelede getref het, was ons toe ook ons huis kwyt. Geld het ons nie gehad om ‘n huis te huur nie, en ons het toe sommer beplan om ‘n tentjie in die karavaanpark te gaan opslaan. Intussen het Willem en Linda ons nood raakgesien: “Julle trek by ons in,” word ons sommer opgekommandeer. Hulle woonstelletjie het toe hoeka leeg gestaan en daar kon ons kosteloos bly so lank as wat dit

nodig was. Toe moes ek agterkom dat ons nie die eerste was om daardie woonstelletjie te gebruik nie. Hy word nie uitverhuur nie, maar kort-kort word iemand in nood daar gehuisves! Maar hierdie was baie meer as net blyplek - hier was ons oorlaai met liefde en sorg vir die jaar wat ons daar vertoef het. Intussen het daar alweer n paar mense wat in nood was ingetrek!

Die Hebreërskrywer noem gasvryheid as een van die deugde van ’n gelowige. Dit was nog altyd een van die eienskappe van ons ou volkie. As jy op die platteland gestrand geraak het, was jy verseker dat die naaste plaasboer jou slaapplek sou gee en boonop soos ’n koning behandel. Dit is hoe dinge gedoen is! Ongelukkig kruip meeste van ons vandag so in ons eie ou doppie, dat ons alle vreemdelinge uitsluit. Niemand buite ons bekende vriendekring word meer vertrou of in ons huis ingenooi nie. Selfs die predikant of ouderling word dikwels met wantroue bejeën, en as hulle die dag kom kuier, is dit maar ‘n stywe affêre, en jy wens dat hulle nou hulle

ry moet kry sodat jy met jou lewe kan aangaan.

As deel van ons geestelike gesin, moet ons teenoor ons medegelowiges optree soos bloedfamilie. Nee, hulle is nie maar vêrlangse agter-kleinneefs en niggies nie, maar eie boeties en sussies! As ons dit in hierdie lig beskou, dan is daar ‘n paar dinge wat ons verhouding met mede-gelowiges totaal verander. Teenoor jou broer of suster tree jy openlik op - hulle is nie vreemdelinge nie. Net so behoort jy teenoor jou broers en susters in Jesus op te tree - openlik. As jou broer in die moeilikheid is, sal jy enigiets doen om hom te help. Natuurlik sal jy hom nie maar aan sy eie genade oorlaat nie! Selfs as hy erg gestruikel het, en met die gereg gebots het, sal jy hom te hulp snel - bloed is immers dikker as water! Nét so sal jy empatie hê met ‘n mede-gelowige wat in die sop beland het.

In die tyd toe hierdie boek geskryf is, was daar verskeie gelowiges in die tronk as gevolg van hulle geloofsoortuigings. Dit is

veral oor hierdie mense, wat dikwels boonop nog ook gemartel is, wat die skrywer vra dat die lesers hulle asseblief nie moet vergeet nie.

Onthou asseblief een ding: alhoewel ons kinders van God is - ons sondes vergewe is deur Jesus se bloed - bly ons steeds maar net mense. Niemand kan sê dat hy ‘n enkele dag deurgaan sonder om op die een of ander manier te sondig nie. Sommige gelowiges is ook nie so sterk soos ander nie, en om te struikel is bloot menslik. Moet dus nie ‘n mede-gelowige veroordeel as hy geval het nie - dit kan my en jou ook oorkom! Gaan eerder in liefde na daardie persoon en help hom weer op sy voete - nie veroordelend nie, maar liefdevol, soos jy met jou eie broer of suster sou doen. More het jy dalk presies dieselfde hulp nodig van ‘n ander gelowige, wanneer jy miskien in ‘n oomblik van swakheid neerslaan…...

Jesus het vir ons die voorbeeld kom stel oor hoe om met jou mede-gelowiges om te gaan. Hy was nooit te moeg om iemand in nood te

help nie. Toe die honger skare daar op die oewer van die meer gesit het, het Hy vir hulle kos gegee. Niemand was ooit benede Sy waardigheid nie, nie eers die losbandige Samaritaanse vrou nie - Hy het tyd gemaak om met haar te gesels, en nie eers gedink aan Sy eie reputasie nie. Ook nie die gehate tollenaar nie - Hy het selfs saam met hom en sy ongure vriende ‘n feesmaal gehou. Jesus het waarlik omgegee - dit behoort ook ons strewe te wees!

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n ware omgee-hart, en hope praktiese liefde vir my mede-gelowiges!

# 29

# Lewensvoorbeeld

## Hebreërs 13:7-8

## VIDEO | LUISTER

Die Nuwe Testament vertel vir ons van Jesus - Sy lewe op aarde, en wat Hy vir ons beteken het. En dan is daar al die briewe van Paulus, Petrus, Jakobus en andere wat ons leer oor die Christelike lewe. Hulle gee riglyne oor hoe dit 'n gelowige betaam om sy lewe in te rig. Maar vir my, een van die mees treffende aspekte van die Nuwe Testament, is die interessante mense wat jy daar ontmoet: Paulus, Petrus, Timoteus, Matteus, Filemon, Johannes, Stefanus, Lidia, Priscilla - watter wonderlike voorbeelde het hierdie manne en vroue nie vir ons gestel nie! Ja, Paulus het baie geskryf, en sy briewe is uiters belangrik om ons te leer van wat reg is, maar die voorbeeld wat hy gestel het met sy lewe is van onskatbare waarde. Dieselfde geld vir die ander. Die Hebreërskrywer wil dit vir ons op die hart lê om te kyk na hierdie

mense se lewens en die eienskappe wat hulle daarin uitdra, na te volg.

Vat nou maar vir Paulus as voorbeeld: Hy was ‘n geharde Fariseër, en hierdie nuwe “Christen-sekte” het ingedruis teen alles wat hy deur die jare geleer het. En toe ontmoet hy vir Jesus op een van sy wrede vervolgingstogte, op pad na Damaskus, en hy kom kragdadig tot bekering. Van toe af werp Paulus ál sy kragte in die stryd om die Evangelie te verkondig. Absoluut niks het in sy pad durf kom nie. Toe hy dit eers in sy kop kry om die Evangelie na die heidenwêreld uit te dra, het hy verskeie sendingreise onderneem wat dikwels jarelank geduur het en uitmergelend was.

Teenstand was vir Paulus die alledaagse, en dit het al gekom uit sy eie geledere - sy mede-gelowiges wat nie tevrede was met sy metodes nie. Maar die teenstand wat hy sou kry daar in die vreemde was ongekend. Dit was veral die Jode wat met alle geweld van hom ontslae wou raak. Talle male is hy uit ‘n stad uitgejaag, in die tronk gesmyt, geslaan

en selfs met klippe bestook, so erg dat almal by een geleentheid gedink het dat hy dood was. Hierdie dinge het Paulus egter nie afgesit nie, maar eerder aangespoor om nóg harder te werk!

Ten spyte van al die swaarkry, sien ons Paulus as iemand wat die lewe as ‘n lied beleef het. Toe hy en Silas, ‘n mede-prediker, eenmaal deur die owerhede gearresteer is, is hulle in ’n stinkende, vuil kerker aan kettings vasgeboei, maar eers nadat hulle met swepe voos geslaan is. In die grootste pyn het hulle daar in die stikdonker gelê en hulleself jammer gekry. Jammer gekry? Nee, nie Paulus nie! Hulle het gelê en sing! Vrolike lofliedere tot eer van God! Nooit het ons gehoor dat hulle God verwyt vir dít wat met hulle gebeur het nie!

Later sien ons Paulus waar hy in die gevangenis in Rome beland. Aanvanklik was hy net onder huisarres, maar later is hy in die tronk opgesluit. Paulus het nie in sak en as gaan sit nie, maar hy het die tyd uitgekoop en begin briewe skryf aan die talle

gemeentes wat hy en sy medewerkers oor die wêreld gestig het. Nooit sien ons ‘n enkele klagte in hierdie briewe oor sy haglike omstandighede nie, maar ons sien blydskap wat borrel uit hierdie merkwaardige man. Wat ‘n wonderlike voorbeeld vir elkeen van ons om na te volg! Hoe dikwels kerm en kla ons nie oor ons omstandighede nie. “*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!*”, skryf Paulus, terwyl hy in die tronk krepeer van ellende.

Stefanus is ‘n ander voorbeeld vir ons vandag - terwyl hy gemartel en met klippe doodgegooi is deur sy eie mense, vir die verskriklike “sonde” om ‘n Christen te wees, bid hy dat die Here sy moordenaars asseblief moet vergewe. Hoe aangrypend! Hoe vergewensgesind is ek en jy?

Petrus is ook een van my groot helde uit die Nuwe Testament: ‘n Eenvoudige, rowwe visserman wat besluit het om Jesus te volg. Hier is ‘n voorbeeld van ‘n doodgewone mens nes ek en jy - iemand wat óók maar nés ons gewemel het van foute. Petrus het

groot ideale gehad, maar dikwels het alles verkrummel tot as. Hy het homself gesien as die een wat Jesus sou volg en beskerm tot die bitter einde toe, maar toe die diensmeisie hom vra of hy vir Jesus ken, is ál sy waagmoed skoonveld weg! Petrus is die een wat onomwonde verklaar dat Jesus die Seun van God is, maar later as Jesus hom vra of hy Hom liefhet, dan bars Petrus in trane uit - sy liefde skiet so ver tekort…...

Nogtans sien ons later dieselfde bang, ongeletterde Petrus, waar hy onverskrokke voor die hoogs-geleerde, intimiderende Joodse raad getuig, en hulle selfs aanvat op hulle eie terrein, en vir hulle presies vertel waar Dawid die wortels gegrawe het! Petrus het nou nie meer op sy eie krag staatgemaak nie, maar op die Heilige Gees. As ek byvoorbeeld vir een oomblik op my eie krag sou staatmaak om hierdie dagstukkie te skryf, dan sou ek liederlik in die stof byt! Ons moet, soos Petrus, leer om die Heilige Gees te vertrou om ons te lei in die lewe, en ons krag van Hom te kry. Dan sal ons nooit nodig

hê om bang te wees om die Evangelie te verkondig nie, selfs al is ons “ongeletterd”.

Kom ons leer vandag van die groot manne en vroue uit die verlede, en pas die wonderlike voorbeelde wat hulle stel, toe op ons eie lewens!

Gebed:

Here, dankie vir sulke wonderlike voorbeelde wat Paulus, Petrus en al die ander vir ons gestel het. Leer my asseblief om hulle voorbeeld na te volg!

30

# Die Nagmaal

## Hebreërs 13:9-16

**VIDEO | LUISTER**

Vandag s’n is ‘n baie eenvoudige onderwerp - altans op die oog af. Ons ken almal die gebruike rondom die Nagmaal, en die betekenis daarvan. Wel, dit is wat ons dink, maar dit is gladnie so eenvoudig soos wat dit wil voorkom nie. Waarom vier ons die Nagmaal soos ons dit vandag doen, en waar kom die gebruike vandaan?

Daar is die bekende storietjie van die dogtertjie wat staan en kyk het hoe haar ma ‘n hoender gaarmaak. “Ma, waarom breek mammie die vlerkies af?” wou sy weet. “Omdat Ouma my so geleer het”, antwoord die ma. Die dogtertjie is nie tevrede met die antwoord nie, en dan gaan vra sy vir Ouma waarom jy die hoender se vlerkies moet afbreek as jy hom gaarmaak, en weereens kom die antwoord dat sy dit van haar ma geleer het. Toe die dogtertjie uiteindelik die

geleentheid kry om met Ouma Grootjie te gesels, is sy baie nuuskierig oor waarom Oumagrootjie dan vir Ouma en Mamma so geleer het. “Nee, my kind”, kom die bewerige ou stemmetjie, “daardie jare was my kastrol te klein, en ek moes eers die vlerkies afbreek om die hoender te kon inpas!”

Ek het nou ook maar altyd aangeneem dat die Nagmaal vandag so gevier word omdat die vroegste kerk dit so gedoen het. Ek was verkeerd!

Ons weet natuurlik dat die Nagmaal sy oorsprong het by die aand voor Jesus se kruisiging, toe Hy en Sy twaalf dissipels saam die Paasmaal geëet het. Etlike jare later lei ons af uit Paulus se brief aan die Korintiërs dat die gelowiges gereeld ‘n gemeenskaplike maaltyd gehou het, waar die gemeentelede hulle kos en wyn saamgebring het na die erediens om dit saam te geniet, en so ook die Nagmaal te vier. Dit was nie maar ‘n simboliese maaltyd met ‘n flentertjie brood en ‘n paar druppels wyn nie, maar ‘n behoorlike maaltyd.

Meer as ‘n duisend jaar het verloop voordat daar weer behóórlik na die gebruik rondom die Nagmaal gekyk is. Intussen het die Katolieke kerk die mis gehad waar ‘n vorm van daaglikse nagmaalsviering betrokke was. Toe Martin Luther in 1517 sy 95 stellinge van hervorming teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het, het dinge begin verander, maar die Nagmaal het baie dieselfde gebly. Nog ’n groot Hervormer, Zwingly het ’n paar jaar later groot veranderinge voorgestel, en uiteindelik was dit Calvyn wat ‘n behoorlike uiteensetting van die nagmaalsgebruike ingestel het. Volgens hom moes dit elke week gevier word, want Woordverkondiging moet gepaard gaan met Nagmaalsviering. Om praktiese redes het die weeklikse viering later maandeliks en selfs kwartaalliks geword. Verder het die hele karakter van Nagmaalsviering ook deur die jare verander. Wat oorspronklik ‘n vreugdesmaal was, het stelselmatig verander in een van rou en droefheid.

Selfs in ons eie Afrikaanse geskiedenis het die gebruike rondom Nagmaal oor die

afgelope 100 jaar drasties verander. In my oupa se tyd op Machadodorp het ‘n Nagmaal maklik twee weke geduur, waar boere van heinde en verre gekom het en op die dorpsplein uitgekamp het. Daar is gekatkiseer, getrou, gedoop, kerkgehou en Nagmaal gevier. Selfs toe ek nog kind was, was Nagmaal steeds ‘n baie uitgerekte geleentheid, wat ‘n hele naweek geduur het van voorbereidingsdienste en nabetragting en danksegging ens. Vandag het dit totaal afgewater, en ons maak myns insiens gans te min daarvan. Die wonderlike simboliek van Nagmaal gaan dikwels by ons verby, omdat dit maar vir baie mense slegs ‘n noodsaaklike ritueel - ‘n stukkie tradisie - geword het wat in ‘n vlietende oomblik tydens ‘n doodgewone erediens verbyvlieg.

Hoe ons Nagmaal moet vier, word ongelukkig nêrens in die Bybel vir ons uiteengesit nie. Die Hebreër-skrywer verduidelik egter vir ons ‘n paar baie belangrike dinge omtrent die Nagmaal: Tydens hierdie geleentheid eet ons simbolies die liggaam en bloed van Jesus. Maar dit is ‘n baie eksklusiewe geleentheid

wat volgens hom “buitekant die laer” (v 13) gevier moet word. Die bedoeling hiermee is dat die Nagmaal slegs vir gelowiges bedoel is, en dat ‘n ongelowige geensins hieraan mag deel hê nie. ‘n Derde gedagte wat die skrywer by ons laat, is dat ons met die Nagmaal aan God ‘n offer van lof bring deur Jesus, deur hiermee Sy Naam te bely. Deur deel te neem aan die Nagmaal, sê die gelowige dus ook aan die wêreld dat ons glo in Jesus se versoeningsoffer.

Wat maak ek en jy met hierdie gedagtenismaaltyd? Is dit nog vir ons ‘n besonderse vreugdemaal ter ere van Hom? Of is dit dalk maar net ‘n stukkie onverstaanbare tradisie? En dan wil ek ook vanoggend spesiaal met die leraars praat: wat maak jy om vir jou gemeente die Nagmaal ‘n besonderse belewenis te maak? Moet asseblief nie dat hierdie ook maar net ‘n formaliteit word wat afgehandel moet word nie - doen asseblief spesiale moeite om dit vir jou gemeente ‘n wonderlike ontmoeting met Jesus te maak.

Gebed:

Here, so dikwels het Nagmaal al by my verbygevlieg. Help my om dit weereens te beleef as iets baie spesiaal!

31

# Voorbidding vir die Leraar

## Hebreërs 13:17-19

## VIDEO | LUISTER

Moet ek nog vir my dominee/pastoor bid? Indien wel - waarom? "*Hou aan om vir ons te bid,*" pleit die Hebreër-skrywer by sy lesers. Ons het hier te doene met 'n leraar wat tot op die hoogste sport van die geestelike lewe gevorder het - hy het selfs die ongekende voorreg gehad om 'n skrywer te wees van een van die Bybelboeke - die wêreld-topverkoper van alle tye. Die reeks preke wat ons tot dusver deurgewerk het, is volgens enige standaarde vandag absoluut briljant. Wat die skrywer se geestelike lewe betref, kan ons aflei uit wat ons gelees het, dat hy uiters naby aan God geleef het. Om maar net die voorreg te kon hê om deel te wees van die Heilige Gees se spesiale span Bybelskrywers, bevestig alreeds hoe intens hy die Here geken het. Sy lewe was ook 'n voorbeeld van iemand wat rein geleef het, en

van die sonde probeer wegbly het. Ons sien dit in Heb 13:18, waar hy bevestig: "*ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is.*"

Die vraag is dus: Waarom het 'n persoon van hierdie statuur dan nog gebed nodig? Het hy énigsins ons gebed nodig? Daar is verskeie redes: eerstens is dit só dat die duiwel baie beslis nie daarvan hou dat iemand suksesvol die Evangelie verkondig nie, dit beroof hom van aanhangers. Iemand wat waarlik erns maak met die Here beleef dikwels die aanvalle van die duiwel baie intens in sy lewe. Kyk maar byvoorbeeld hoe die duiwel vir Jesus aangeval het op 'n tyd toe Hy baie kwesbaar was, na veertig dae in die woestyn. Hy het Jesus uiters slinks probeer verlei deur vir Hom mag en eer aan te bied, en natuurlik kos toe Hy rasend van die honger was. Ons weet natuurlik dat Jesus nooit geswig het nie. Iemand wat 'n paar jaar gelede 'n boekie die wêreld ingestuur het om mense te waarsku teen die slinkse verleiding van die duiwel, het my vertel hoedat die duiwel hom daarna op

elke terrein aangeval het - blykbaar hou hy nie van die feit dat sy werksaamhede oopgevlek word nie! Ek dink nie dat iemand wat ligsinnige praatjies oor die duiwel maak, enigsins bekommerd hoef te wees dat die duiwel ‘n aanval op hom sal loods nie!

Die eerste rede waarom elke verkondiger van die Evangelie dus voorbidding nodig het, is omdat hulle so uiters kwesbaar is teen aanvalle van die duiwel. Hulle is uitgesoekte teikens. Elkeen van hulle het God se beskerming ekstra nodig. Bid dus asseblief gereeld vir jou leraar en elkeen in jou gemeente wat bereid is om die Evangelie te verkondig. Bid ook asseblief vir my…...

Daar is ook ander redes waarom sulke mense voorbidding nodig het: om die Evangelie te verkondig, is ‘n uiters verantwoordelike taak. As die Woord skeef by iemand uitkom, kan dit reuse skade veroorsaak. Die Woord moet dus te alle tye suiwer verkondig word. Om ’n dwaalleer te verkondig, is só maklik, en ’n leraar moet gedurig op sy hoede wees om absoluut

Skriftuurlik te praat. Maar dit moet ook op só ‘n wyse uitgedra word, dat dit die luisteraars se harte sal aanraak. ‘n Saai preek laat ‘n mens se gedagtes dwaal, daarom moet ‘n leraar uiters kreatief dink en elke moontlike opsie gebruik om sy luisteraars of lesers te inspireer met sy preek. Dit kos harde werk, en hy moet dikwels van donkeroggend tot middernag werk. Hy het dus baie voorbidding en terselfdertyd ook baie aanmoediging nodig om te volhard om week na week sy absolute beste te gee. Hy durf nooit, ooit verslap nie!

Dit is ook so maklik vir so ‘n persoon om moedeloos te raak wanneer hy nie resultate sien nie, of om te swig voor allerhande versoekings, en dalk in die sonde te val. Leraars verkeer dikwels ook onder groot druk in die gemeente, deur lidmate wat moeilik is en met niks tevrede is nie. Ek moes dikwels aanskou hoe leraars agteroor buig om almal te probeer akkommodeer. Hulle beroep het een van die héél hoogste stresvlakke. Hulle word gedurig deur lidmate aangeval om ’n verskeidenheid redes, dikwels totaal onnodig

of onskuldig. Ook om dáárdie rede het hy elke gelowige se voorbidding bitter nodig, maar nie alleen gebed nie - ook gedurige bemoediging en aanmoediging. Wanneer laas het jy jou leraar moed ingepraat? Wanneer laas het jy vir hom gesê: “Hou aan; byt vas - alles is die moeite werd. Ons bid vir jou?” Tel die foon op en sê dit sommer nou vir hom!

Dalk moet ons selfs ‘n stappie verder gaan: Gaan doen huisbesoek by die leraar. Wie van ons doen ooit die moeite om by hom huisbesoek te gaan doen? Ons moet onthou: hy is maar ‘n doodgewone mens nes ek en jy, en hy worstel dikwels ook met vrae nes ons. Dalk soek hy met ‘n diep verlange net iemand om ‘n slaggie na hom te luister - ‘n oor wat kan hoor van die dinge wat hom kwel. Dalk het hy iemand nodig om net vir hom te sê dat daar mense daar buite is wat vir hom omgee en aan hom dink - mense wat hom en sy bediening aan die Here opdra!

Gebed:

Here, my gebed gaan vanoggend uit vir elkeen wat die moed het om die Evangelie te verkondig. Ek wil spesiaal ook bid vir ons gemeente se leraar, Ds. Tertius Naudé waar hy dikwels oorwerk is en onder baie druk verkeer. Dra hulle asseblief deur U groot genade!

# 32

# Seënbede

## Hebreërs 13:20-25

**VIDEO | LUISTER**

Aan die begin van die Hebreërbrief het ons gekyk na die noodsaaklikheid van vernuwing. Ons het ook gesien hoeveel pyn vernuwing vir ‘n mens kan bring - hoedat jy swaar sug wanneer jy van ou bagasie moet ontslae raak. Dink maar aan die pyn wanneer jy skielik besef dat ‘n sentimentele ding waarmee jy jou hele lewe saam geleef het, skielik moet weg, want daar is nie meer plek daarvoor nie. Ja, ek het self ook al lang trane gehuil oor nikswerd goed wat vir my slegs sentiment inhou en niks meer nie - goed wat net ék alleen sal waardeer, en waarby niemand anders gaan  baatvind nie.

Maar dan het ek terselfdertyd ook die wonderlike bevryding beleef wanneer hierdie ou goed van jou skouers af is - weg, sodat jy dit nooit óóit weer in die hande kan kry nie.

Soms voel ek half jammer daaroor, maar die skielike vryheid is wonderlik!

Ja, ons kyk terug na die verlede met groot nostalgie, as die “Goeie Ou Tyd”, toe alles soveel beter en mooier was as vandag. Maar ons vergeet maklik van die slegte dinge uit die verlede, en nou sien ons slegs die mooi spitse van toentertyd raak, en ons raak terselfdertyd warm onder die boordjie oor die slegte dinge waaraan ons vandag onderworpe is. As ons egter ‘n lysie gaan opstel, dan sal ons baie gou agterkom dat die hede, selfs ná al die vernuwings gladnie so sleg is nie!

As ek maar terugdink aan my “nostalgiese” jongdae, dan wil ek graag die opwinding van jonkwees onthou - die berge wat ons uitgeklouter het en al die lekker dinge wat ons saam gedoen het. Maar dan ril ek as ek terugdink aan my geestelike lewe - ‘n lewe waarin ek wél betrokke was in die kerk, maar nooit werklik die Jesus van die kerk geken het nie. Nou het ek dalk nie meer die opwinding van jonkwees nie, maar die

opwinding wat Jesus my gee is tienkeer groter as wat ek óóit sou kon kry in my prille jeug!

Die afgelope paar jaar het daar nuwe waardes in my lewe gekom, en ek geniet dit terdeë. Nadat ons 'n paar jaar gelede deur 'n reuse finansiële krisis gegaan het, het die Here vir my nuwe deure oopgemaak wat my talle geleenthede bied om die Evangelie met baie mense te kan deel. En dis opwindend! Dit is dikwels nie 'n maklike taak nie, maar ek kry troos uit die seënbede in Hebreërs 13:20-21.

Die eerste ding wat ek sien, is dat God vrede gee. Hy het my alreeds vrede gegee oor dinge wat ek moes agterlaat. En nou gee Hy my vrede oor ‘n moeilike taak wat soms op my skouers lê - uitdagings wat dikwels soos reuse berge voor my uittroon.

Die tweede, wonderlike ding wat ek hier lees, is dat ek nie alleen staan in die taak nie, want Jesus is daar vir my - reg langs my. Nie alleen is Hy uit die dood teruggebring nie (v 20) - ja, Hy LEEF! - maar Hy is ook die groot

Herder van Sy kudde. Wie is die kudde? Ek en jy - die gelowiges. As Herder weet ek dat Hy my op die regte pad sal lei, en my bring waar Hy weet die beste weiveld is. Lees gerus maar weer Psalm 23!

Hierdie vernuwing in my lewe het alreeds ‘n geweldige groot klemverskuiwing gemaak: Van een waar ek sélf koning gekraai het - dikwels met tragiese gevolge - na een waar ek my laat lei deur die Herder, en waar ek veilig is in Sy kudde.

Hierdie seënbede hou egter nie daar op nie: In vers 21 lees ek ook dat God my die nodige toerusting gee vir die taak. Hy rus my toe met alles wat goed is, sodat ek Sy wil kan doen - aldus die Hebreërskrywer. Is dit nie wonderlik nie?! Ja, natúúrlik is daar ‘n verantwoordelikheid op myself om my te lááť toerus - ek kan nie maar net terugsit en sê: “God rus my mos toe!” nie. Ek moet Sy toerusting soek en dit my eie maak. Maar die feit is dat ek die héél beste Leermeester het wat jy kan kry.

Die vraag is: Wat behels hierdie toerusting? Waarheen lei dit uiteindelik? Die antwoord is heel eenvoudig: Ons moet aan die einde van die dag vir God aanneemlik wees. Nie volgens menslike standaarde nie, maar volgens God se standaarde. Ek moet dus geleenthede aangryp waar ek geestelik kan groei – Bybelskool, Bybelstudiegroepe ens.

My gebed vir jou, aan die einde van die Hebreërbrief, is ook wat die skrywer sy lesers toebid - dat jy jou sal laat toerus deur die Een wat álles weet van toerusting. Verder dat jy die verlede sal agterlaat en sal nastreef om aanneemlik gemaak te word vir God. Onthou: dit gaan nie oor óns nie, maar oor Hóm alleen, want "*Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid!*"

Die skrywer sluit af met die wonderlikste trooswoord van alle tye: "*Die genade van God sal by julle almal wees!*" Mag jy vandag ook op 'n baie tasbare wyse die genade van God ondervind!

Gebed:

Here, ek bid vanoggend dat U wonderlike genade en vrede sal rus op elkeen wat hierdie dagstukkie lees!